'N DEUR IN 'N DEUR

Baie dankie, broer, Broer Tony, en aan al die vriende, pelgrimreisigers, vreemdelinge! Julle weet, ons maak nie aanspraak om te wees 'n . . . Verskoon my.

2 ['n Broer op die preekstoel gee 'n verslag van God wat Broer Branham se gebed drie jaar gelede in Tulsa, Oklahoma, beantwoord het, en baie siele wat gered is gedurende sy bediening in Brasilië daardie jaar—Red.]

3 God seën jou, broer. Ek—ek hou daarvan om die verslae te hoor van wanneer siele gered word, julle weet. Dis die—die hoofsaak. En ons is bly om hier te wees en soveel van ons vriende hier te sien uit verskillende dele van die land. En hierdie broer hier kom nou na die stad toe, verstaan ek, vanmôre, dat sy toerusting al klaar afgelaai is hier vir 'n—vir 'n groot herlewing. Ek bid beslis, broer, dat Hy vir jou 'n groot herlewing sal gee en baie siele hier in die stad.

4 En ek is bly vanmôre om baie van my predikervriende te sien. Broer Outlaw daar, ek het hom so pas opgemerk toe ek opgestaan het, van Phoenix. En ek's baie bly om jou hieronder te sien, broer, Broer Outlaw. Julle broers van Jérigo wat hier opkom na Jerusalem, om ons te besoek. Ons is altyd bly om hulle te sien. Dis reg, Tony.

5 En so—en so het ek daardie een ingekry, bo aan Broer Williams, nie lank gelede nie, bo by Phoenix. "Jy weet," ek het gesê: "Tucson, ek woon nou hier, jy weet. So ek moet soort van opkom vir hierdie plek, julle sien, bo-op die berg hier, en afkyk na Jérigo en ons broers sien. Wel, ons altyd . . . "

6 En Broer Carl het gepraat van soveel wat 'n honderd myl ver kom, van Phoenix af hiernatoe. Hoeveel is hier van Jeffersonville, Indiana af? Staan op. Oraloor, hier oorkant. Dis omtrent een-en-twintighonderd myl. O, Carl!

7 So bly om hier te wees en hierdie wonderlike binneste Seunskyn te geniet. Sien, ons praat van hierdie wat die stad van die son is. Dis die buitekant. Maar, o, hierdie binneste Seun, goeiste, dis wat ek geniet.

8 Ek het hierdie seëning geniet hierdie week, en die herlewing bygewoon van Broer Bethany hier, oorkant by die Eerste Gemeentes van God. En ek waardeer beslis hierdie dapper soldaat van die kruis, sy goeie prediking. Dit het soveel vir my beteken, hierdie week. Ek het gesê: "Ek en Broer Bethany het baie in gemeen, veral die manier wat ons ons hare kam, Broer Bethany." Dis so, dan, dat ons altyd mekaar kan herken, waar ons ook al is.

9 So ons is dankbaar vir hierdie geleentheid om hier te wees saam met Broer Tony. Ek kan nie daardie naam sê nie, en daarom noem ek hom net "Broer Tony." Julle verskoon my. Hulle het Petrus, "Petrus" genoem, en Paulus, "Paulus," en so hierdie is Tony. Ek sê altyd vir hulle: "Noem my net: 'Broer Bill.'" Dis wat ek . . . Ek hou van daardie naam: "Broer Bill," of "Broer," in elk geval, om geassosieer te wees met—met julle, om 'n broer te wees.

10 Het daardie ontbyt geniet! Die enigste ding, daar was nie genoeg molasse nie. Ek—ek—ek het te min gehad. En ek het geleen by my seun, en te min gehad saam met syne, en geleen by hulle broer. Hy het 'n ekstra bord gehad, en steeds het ek nie genoeg molasse gehad nie. Julle weet, ek's 'n Baptis. Ek glo nie in besprinkel nie. Ek hou daarvan om hulle regtig te doop. Ek hou van baie, baie molasse. Ek het die suikerpot beetgekry, en daar is nie te veel oor daarin nie. Ek moes hulle 'n bietjie versuiker, julle weet.

11 Onthou onder in die suide, onderin, ek glo dit was Alabama, ek was by die—die Sending Baptiste mense. Ek was daaronder, besig om 'n herlewing te hou. En ek was in 'n klein, ou afgeskermde stoepie, aan die buitekant. En daar was 'n ou gekleurde suster. Sy het gesê . . . Julle weet, ek het hard gepreek daardie aand, en ek kon skaars opstaan die volgende oggend. En sy het my geroep, en ek onthou dat ek lank genoeg wakker was om haar te hoor sê: "Haai, pastoor." Sy het gesê: "Skat, komaan. Ek het alreeds vier keer vanmôre, jou plaatkoekies gebak." Vier keer het sy daardie plaatkoekies gebak! Ek—ek hou van hulle. Net 'n storietjie, wat ek ken. Ons is net hier in gemeenskap, julle weet.

12 Ou Broer Bosworth, hoeveel het ooit vir Dr. Bosworth geken? Hy was 'n baie goeie ou vriend van my. Hy het eenkeer vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, weet jy wat gemeenskap [Eng. "fellowship."—Vert.] is?"

En ek het gesê: "Ek—ek dink so, doktor."

13 Hy het gesê: "Dis twee kêrels [Eng. "fellows."—Vert.] in een skip." [Eng. "ship."] Julle weet, wat net daar is, waar hulle . . . En so dis die manier. Dis noue kontak; naby, nie geslote nie; noue gemeenskap met mekaar.

14 Onthou, eendag, terwyl ek dink aan plaatkoekies. Ons noem hulle "plaatkoekies," in die Suide, Broer Bethany. So ons . . . Ek was op 'n visvanguitstappie, bo in noordelike New Hampshire. Dis die tuiste van daardie rooi-keel en breë-stert forel. En ek het 'n tentjie op my rug gehad. En ek het gestap, omtrent 'n dag-en-'n-half ver, waar al die sagte-voet kêrels nie kon kom nie. So ek was daaragter aan die forelle vang. O, watter tyd het ek gehad! En 'n klein twee-man tentjie. En die vorige dag, 'n watergaatjie, o, daar het net mooi groot forelle daarin gelê, en ek het net so vinnig gevang. En ek sou een vang . . . As ek dit doodgemaak het,

dan sou ek—ek dit hou en dit eet. Maar, gewoonlik, sou ek hom vrylaat, as dit hom nie te seer gemaak het nie.

15 En ek sou altyd my vlieg laat vashaak aan 'n klompie eland-wilgers agter my. En ek het gedink: "Volgende oggend, vroeg, gaan ek my byl vat en daardie eland-wilger afkap," want ek sou my Koetsier in daardie—in daardie eland-wilger vashaak. So ek het vroeg opgestaan, en ek het gedink: "Wel, ek kan 'n forel of twee vang vir ontbyt." En ek was alleen. En ek het my ou byltjie gevat en afgegaan en hierdie eland-wilger afgekap en vir my 'n paar visse gevang, was op my pad terug.

16 En ek het 'n geluid gehoor. Dit was 'n ou wyfie-beer. Die plek was vol van hulle daarbo. Was 'n swartbeer. Sy het twee kleintjies gehad. En sy het in my tent ingekom. Hulle het dit afgebreek. Daar was niks oor nie. Dit net . . . Dis nie wat hulle eet nie; dis wat hulle verwoes. Hulle net enigiets hoor ratel, spring hulle—hulle daarop, julle weet. En my ou stoofpyp was stukkend geslaan, en, wel, kon niks doen behalwe teruggaan nie.

17 En toe die ou wyfie ma-beer my sien naderkom, het sy weggehardloop en na haar kleintjies geroep, en een van hulle het gekom. Die ander een het nie gekom nie. Wel, ek het gewonder hoekom hy nie gegaan het nie. Wel, ek—ek het 'n ou geroeste pistool gehad wat daaragter gelê het in die tent, maar die beer was op die pistool. So ek sou in elk geval nie die ou beer wou skiet, en twee wesies in die woude agterlaat nie. So ek . . . En ek seker . . . Jy 'n ou ma-beer neem met 'n paar kleintjies, sal sy jou regtig krap, julle weet. Sy—sy word soort van 'n bietjie ontsteld, as jy begin dink jy gaan daardie kleintjies pla.

18 So hierdie kêreltjie het gesit, en net 'n baie klein beertjie. Gelyk of hy omtrent twintig pond geweeg het; vyftien, twintig pond. Was vroeg, hulle was net pas 'n tydjie uit die winterslaap. En die kêreltjie het sy rug gedraai gehad op my, net *so* hoog opgetrek. "Wel," het ek gedink: "waarin is daardie kêreltjie so geïnteresseerd?" En die ou ma-beer en die ander kleintjie was daarbuite, en sy het aanhou roep na hom, en hy het hom glad nie aan haar gesteur nie.

19 Ek het gedink: "Wat makeer daardie kêreltjie?" Ek het vir my 'n boom in die oog gekry, waarnatoe ek kon gaan as sy agter my aangekom het. So ek het gedink: "Ek moet sien wat daardie kêreltjie so gefassineer het." Gewoonlik sal hulle hardloop. So ek het bly ombeweeg, haar dopgehou, totdat ek langsaan gekom het. En julle sal verbaas wees wat aangegaan het.

20 Daardie kêreltjie het my emmer molasse beetgekry, en—en 'n half-gelling emmertjie vol molasse. En hy het die deksel daarvan afgekry. En hulle hou van soetigheid, in elk geval, julle weet. Hy het nie geweet hoe om dit te drink nie. So hy het net sy pootjie gevat en dit ingedoop en *so* gelek, julle weet, wanneer hy dit uitgehaal het. En hy—hy kon nie . . . Ek het op hom geskree. Ek

het gesê: "Kom uit daar." En hy het gedraai. Hy kon nie sy oë oopkry nie, molasse in die oë, julle weet, om te probeer kyk, julle weet. En hy het daardie emmer net so skoon uitgelek soos dit kon wees.

21 En ek het net gestaan en gelag. En enige tyd, dan nie 'n kamera te hê nie, julle weet, om daardie foto te neem nie. En daar was hy. En toe, nadat hy klaar was met die uitlek, julle weet, van die emmer, baie goed, het hy oorkant na die ou ma en die broertjie toe gegaan, en het hulle hom gelek.

22 So—so ek het gedink: "Dis soos 'n goeie ou pinksterdiens, wanneer ons ons hande in die heuningpot kry, tot by die elmboë. En dan uitgaan, iemand anders vertel, hulle 'n bietjie van ons aflek," julle weet. Net 'n aflek-goeie diens, julle weet. Dit is wat ek gedink het daardie beertjie gehad het.

23 Nou, daar's geen veroordeling vir hom, solank as wat hy molasse gelek het nie, julle weet. So dis hoe ons voel in 'n goeie outydse diens. Daar's geen styfheid nie. Daar is niks, behalwe net eenvoudig sit en lek nie. Dis al.

24 In die Bybel, julle weet, het die herder 'n sakkie aan sy sy gedra. En baiekeer, sou hy bietjie heuning daarin saamdra. En wanneer hy 'n skaap sou kry wat siek was, sou die herder soontoe gaan, en 'n bietjie van hierdie heuning, op 'n kalksteenrots uitdruk. En die skape hou ook van iets soets, julle weet. So hy sou soontoe gaan, die skaap sou, en begin lek aan daardie rots. Hy het die heuning gelek, maar terwyl hy die heuning lek, het hy die kalksteen ingekry, en die kalksteen het gehelp om hom te genees.

25 Ek het 'n hele sak vol heuning hier, en ek gaan dit op daardie Rots, Christus Jesus sit, en begin julle skape nou net lek. Ek's seker dit sal—dit sal al ons kwale genees, as ons net sal lek aan die Rots van die eeue, en Hy sal beslis sorg vir die res. Hy is ons Geneser van fisiese en geestelike ongemak. Hy is die Lelie van die dale. En in die lelie vind ons opium, en opium maak alles rustig. Dit sit jou net in 'n bedwelming, en dis hoe die Heilige Gees kom, Dit plaas jou in 'n sorgelose toestand, waar jy nie omgee wie daar sit of enigiets daarvan nie. Jy moet dan die stoom afblaas. Dis reg.

26 Onthou 'n meisietjie wat eenkeer gevul is met die Heilige Gees. Sy was ook 'n klein Metodis, ook. En sy het 'n getuienis gegee. En ek sal nooit die kru opmerking vergeet nie, niks erger as wat ek maak nie. En sy het gesê: "Wel, ek wil die Here loof vir hierdie Heilige Gees." Sy het gesê: "As dit enigsins beter was, sou ek oopbars."

27 Ek hou van hierdie Volle Evangelie Sakemanne se konvensie en byeenkomste. En julle weet, ek is georden 'n paar jaar gelede, omtrent vyf-en-dertig jaar gelede, in die Sending Baptiste kerk. En daar het ek probeer om 'n getroue prediker van die Evangelie

te wees, en aan alles wat ek geweet het wat reg was, vir jare. En toe, na die groot visioen gekom het . . .

28 En ek het nog nooit van so-iets soos Pinkster gehoor nie. Ek het hulle daar hoor sê, daar was 'n klomp holy-rollers onderin die dorp, wat gekwyl het op die vloer, alles. Wel, ek het net nooit enige aandag daaraan gegee nie. Maar toe God my geroep het, het ek onder hulle gekom, en het ek net . . . Gelyk asof dit in my hart was, om te soek na iets, dis net soos om 'n handskoen aan 'n koue hand te trek. Dis net die regte ding, en ek het dit regtig geniet.

29 Toe ek onder die broers gekom het, het ek gevind dat dit onder hulle was soos by ons Baptiste. Hulle was opgebreek in soveel verskillende organisasies! Goeiste, hulle was allerhande soorte. En party van hulle het op 'n een-boggel kameel gery, en party op 'n twee-boggel, en party op 'n drie-boggel, en party op hoegenaamd geen boggels nie. Maar, julle weet, ek het gedink: "Ek sal nie by enige sekere groep aansluit nie, want dan sal ek net met daardie sekere groep verbind word. So ek sal net tussen hulle staan en sê: 'Ons is broers.'"

30 Ek glo dit was Jakob wat 'n put gegrawe het, en die Filistyne het hom daarvanaf weggejaag. Sover ek kan onthou, het hy dit "Hatigheid," of iets genoem. Toe het hy nog een gegrawe, en hy het gesê die Filistyne het hom daarvanaf weggejaag, so hy het dit "Stryd" genoem. Hy het nog een gegrawe. Hy het gesê: "Daar's plek vir ons almal." En dis wat ek glo. Daar's plek vir ons almal.

31 En nou ek, enigste ding waarby ek aangesluit het vandat ek in die volle Evangelie beweging was, ek's een van julle. En ek dink dis die naaste ding aan die Hemel wat daar is. As daar enigiets nader is, sal ek dit probeer vind. Maar dit is wat ek gevind het, en ek hou hiervan. Ek sal hierby bly totdat iets beters kom. En ek soek na iets beters om te kom. Soos Petrus gesê het, op die Dag van Pinkster, hy gesê het: "Dit is *daardie*." En as *dit* nie Daardie is nie, dan sal ek *dit* hou tot Daardie kom. So, dan sal ek net hieraan vashou, want hierdie is baie goed.

32 En toe het ek uitgevind dat hierdie Christen Sakemanne, Volle Evangelie Sakemanne, soort van op dieselfde manier gestaan het, in die bresse, tussen die groot, goeie organisasies van die kerke, om—om iets te probeer oorbrug, wat was, gemeenskap te bring, gepoog, nie probeer om enige van hulle organisasies op te breek, of almal in een te laat inkom nie, maar net om 'n gemeenskap te bring. En dis die rede waarom ek aangesluit het. En dis die enigste organisasie waaraan ek behoort is hierdie, hierdie Volle Evangelie Sakemanne, omdat dit—dit probeer doen wat ek dink is 'n . . . sou 'n groot diens vir God en Sy Kerk wees, om 'n gevoel onder ons te bring, dat ons nie verdeeld is nie. Ons is broers, en ons het almal dieselfde Heilige Gees ontvang. Nou, God gee vir jou die Heilige Gees; Hy gee vir die volgende man die Heilige Gees.

33 Soos die klomp Branhams, ek het nege broers, en party van hulle is vet en kort, lank en skraal, en ek is Mnr. Tussen-in. So hulle—hulle is verskillendes, party blond, en party swart-kop, en party net niks nie. En so is ek steeds Mnr. Tussen-in. So, maar, daarin, is ons—ons broers. Ons het altyd in die—in die agterplaas uitgegaan en met mekaar baklei. Maar wanneer ons in die voortuin was en iemand het op 'n Branham gespring. O, o. Dit was net nie goed nie.

34 En so is dit hoe ek dink ons almal moet voel, julle sien. Partymaal doen God dinge wat ons . . . mag net nie net presies reg lyk in ons oë nie. Maar, tog, as dit God is wat dit doen, laat ons net "amen" sê daarop. God doen dit, in elk geval. Sien? En ons sien—sien uit na 'n tyd.

35 Ek het gesit in Broer Bethany se diens verlede Sondagaand, besig om te preek oor die merk van die dier, en die man het 'n belangrike punt daar gemaak wat my siel verkwik het. Hy het gesê dat daar, net om die draai, iets groters wag, iets van daardie orde daar, iets wat God gereedmaak om te doen. Ek glo dit, ook, om hierdie ding klaar te maak en die Kerk in die Heerlikheid in te stuur. Hoe wonderlik! Nou laat ons nie net nou so laks wees, dat ons sal . . .

36 Onthou, God verander nooit Sy weë nie. Hy's . . . bly, omdat Sy Woord . . . Hy is die Woord, en Sy Woord kan nie faal nie. Hy's oneindig. Daarom, as God 'n besluit maak oor iets, moet dit altyd so bly. Hy kan nie teruggaan en sê: "Ek was verkeerd," nie. Sien? Ek kan dit doen; jy kan dit doen. Maar, God kan nie, want Hy's oneindig. Sien? Sy eerste besluit is Ewig.

37 Toe God vir die mens die beste verskansing gegee het wat Hy kon hê vir Sy, om hom mee te bind, om hom te verskans, het God vir die mens Sy Woord gegee in die tuin van Eden, Sy Woord. En Eva het gemaak daardie roekelose, finale, groot . . . een van die mees roekelose dinge wat sy ooit gedoen het, of ooit kon gedoen het, was om oor God se Woord te redeneer. Ons redeneer nie; ons glo Dit net. Nou, God het nooit enigiets anders goedgekeur, as om Sy Woord te glo nie. Dis reg. Sy Woord, ons moet Daaragter bly.

38 Nou net 'n druppeltjie hier. Julle weet die Bybel het eendag vooruit vertel van die koms van 'n groot profeet wat Israel sou bymekaarmaak. En toe Hy gekom het, weet julle hoe Hy deur die mense gegaan het en hulle dit nie geweet het nie? En toe het Jesus eendag met Sy dissipels gepraat, gesê: "Die Seun van die mens gaan op na Jerusalem," ensovoorts.

39 Hulle het gesê: "Hoekom het die skrifgeleerdes . . ." Ander woorde, die skrywers van die Skrifte. "Hoekom het die skrifgeleerdes gesê dat Elía eers moet kom en alle dinge herstel."

40 Hy het gesê: "Ek sê vir julle, Elía sal eers kom. Maar Ek sê dat Elía alreeds gekom het en julle het dit nie geweet nie. Sien, hy het regdeur gegaan; hulle het dit nie geweet nie. Net so ook

die Seun van die mens." Hulle het verstaan dat Hy van Johannes die Doper gepraat het. Nou, sien, hy was net 'n malle onder op die rivier iewers, 'n wilde man, wat mense probeer verdrink het in water, sovoorts, 'n baie vreemde boodskap. Maar dit was God se voorloper. "En dit het deurgegaan, en hulle het dit nie eers geweet nie." Jesus het gekom . . . Ek reken een derde van die Jode het nooit van Johannes gehoor nie.

41 Ek reken toe Jesus, op aarde, het nie te veel van die Jode nie, en een honderdste van die bevolking van die aarde, ooit geweet Hy was hier. Hy het gekom en gegaan.

42 Die kerk, julle Katolieke mense, soveel as wat julle Sint Patrick probeer toeëien. Enigiemand wat vir Sint Patrick geken het, hy was omtrent soveel van 'n Katoliek, Rooms Katoliek, as wat ek is. So, maar kyk, kyk na Johanna van Arkel, daardie heilige meisietjie wat visioene gesien het ensovoorts. Wat het julle gedoen? Julle het haar verbrand op die brandstapel, as 'n heks. Sy was weg voor julle geweet het sy was 'n heilige. Sien? Julle weet wat, sou dit nie verskriklik wees nie?

43 En Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens, waar daar agt siele gered is deur water."

44 Wat as die Wegraping vandag sou kom? En Hy het twee uit Tucson geneem, en een uit Phoenix, en om die wêreld, soos die universele Wegraping sal wees. En diegene wat uit die dood uit opstaan, sal Hom tegemoetgaan in die die lug, en wegsluip, 'n geheimsinnige ding. En dan sal daar een van hierdie dae oordeel oor die aarde val. Julle sê: "Wel, moes daar nie eers 'n Wegraping gewees het nie?"

"Dis alreeds verby, en julle het dit nie geweet nie."

45 Dink hoeveel mense sal verdwyn in die wêreld vandag, en daar sal nie eers 'n woord wees nie. Julle sal niks daarvan weet nie. Daar sal vyfhonderd mense in die wêreld wees vandag wat vermis word, en jy sal niks daarvan weet nie.

46 Ons lewe in 'n verskriklike tyd. Laat ons ons lampe geknip hou. Ek sê nie dit sal so wees nie. Ek sê, wat as dit was? Dan tref die oordeel en die Wegraping is weg. Sien?

"Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie."

47 So wanneer ons vergader in hierdie dienste, laat ons vergader, ons, vir een doel, dis om God te dien. Kom ons laat ons lewens werk. Wat help dit ons om iets na te boots? Waarom sal ons 'n plaasvervanger aanvaar, wanneer die hemele vol is van die egte, pinksterkrag en seëninge? Waarom sou ons 'n plaasvervanger aanvaar? Jy sal nie God se seëninge uitput nie. Vra oorvloediglik.

48 Kan julle julle 'n vissie voorstel, omtrent 'n half-duim lank, daarbuite in die middel van die oseaan, wat sê: "Ek beter

spaarsamig van hierdie water drink. Ek mag te min hê"? Nou, dit klink dwaas. Wel, dis selfs dwaser as dit, om te dink jy kan God se goedheid uitput.

49 Ek, 'n tydjie gelede gekyk, en 'n eer om daardie ou man te sien, Carl Williams se vader en moeder; die eerste keer wat ek die voorreg gehad het om hulle te sien, waarvan ek weet, wat opgestaan het. En dink, omtrent tagtig jaar oud, so-iets, en hoe God daardie ou paartjie bewaar het. Hulle kon gelyk het soos Carl se broer, nie sy vader nie. En Tony het gesê sy ma het uit die motor uitgeklim daar, en die deur geklap, en soos 'n soldaatjie daaroor geloop. My, goeiste! Sien? Hoe goed was God nie vir ons nie!

50 Nou, as jy nie 'n—as jy nie 'n lid is van hierdie Volle Evangelie Sakemanne nie, julle mans. As 'n Baptis, sal ek met julle Baptiste praat. As 'n Metodis, is ek 'n Metodis.

51 En eenkeer het ek onderin Arkansas gepreek en ek sou . . . Was 'n ou man op krukke, en hy is genees. Hy het potlode verkoop buite op die straat. En hy het opgestaan daardie aand, en hy het net die hele diens oorgeneem. Dit was omtrent, o, ek reken vyf of sesduisend mense wat daar vergader was by die Robinson Gedenk Ouditorium, en hy . . . by Little Rock. En hy het gesê: "Prys God vir my genesing." Jy kon skaars preek. En dadelik het hy opgestaan. Hy het gesê: "Haai, Broer Branham, ek wil vir jou iets sê."

52 Nou, hy het net 'n gastronomiese jubelfees gehad op sy eie. So hy—hy het net 'n lekker tyd gehad. Hy is genees en dit het alles vir hom beteken. En so het hy gesê: "Jy weet . . . " Toevallig, was hy 'n Nasaréner was. En hy het gesê: "Jy weet, ek het jou hoor preek, en ek was seker jy was 'n Nasaréner." Hy het gesê, toe het hy gesê: "Ek het ook . . . " Hy het gesê: "Toe het ek iemand hoor sê jy was 'n Baptis." Hy het gesê: "En die meeste van jou mense hier, is Pinkster. Ek verstaan dit nie."

53 Ek het gesê: "O, dis baie maklik." Ek het gesê: "Ek's 'n Pinkster Nasareense Baptis." Daar's dit. Dis reg.

54 Ons is Christene, gebore uit Sy Gees, gewas in Sy Bloed, wat soek na die Koms van ons Here. Here seën julle.

55 As jy 'n sakeman is of wat ook al, laat ek vir jou iets sê. Kom in. Kom, hou gemeenskap. Moenie net gemeenskap hê met 'n klomp mans met wie jy hulle hande kan skud nie, maar kry wat hulle het, die Heilige Gees. Dit bring die ware gemeenskap.

56 Julle weet, jy kan niks fabriseer nie. Jy word nie gevra om enigiets te fabriseer nie. Die Kerk word nie gevra om vrugte te produseer of te fabriseer nie. Jy moet vrugte drá. Sien? Jy kan nie vir 'n skaap sê—sê: "Fabriseer wol," nie. Laat hom net 'n skaap word, en hy sal wol dra. Dis wat die probleem is daarmee, ons probeer iets fabriseer. Moet dit nie fabriseer nie. Wees, kry net die binnekant reg.

57 Kan julle julle voorstel 'n swart-voël wat daarbo sit en pouvere in sy vlerke steek, en sê: "Sien, ek's 'n pou." Hy probeer iets insit wat nooit van die binnekant af uitgegroei het nie. En ons vind te veel daarvan onder ons Pinkstergroepe. Kom ons wees ware, egte wedergebore pinksters. Ek sal nou sê, dit is die enigste ding wat ek ooit gevind het, hierdie kant van die Hemel, wat vir my die versekering gegee het dat my sonde weg was, en ek gebore is uit die Gees van God. Dan het jy iets, 'n anker in jou, wat vashou.

58 Wel, ek het nie bedoel om soveel van julle tyd op te neem nie. Ek weet julle moet gaan. En ek is soort van een van hierdie langasem kêrels. Dit vat my omtrent 'n uur om te begin, en dan preek ek omtrent twee ure, dan vat dit my omtrent drie ure om te stop. En so ek—ek gaan egter nie so radikaal wees, vanmôre nie. So ons waardeer dat julle kom.

59 En ek woon nou hier in Tucson, hier in goeie ou Jerusalem. En ek sal 'n keer of wat afkom, Broer Tony, as die Here wil, om rond te help, en al julle herlewings by te woon. Aan julle predikerbroers, ek het nooit hierheen gekom om 'n kerk te bou nie. Ek het gekom om te help wat alreeds gebou is, om my gewig agter enigiets te gooi wat ek kan, om julle broers te help om siele te wen hier in Tucson, nooit om 'n byeenkoms iewers te begin nie, of nie tensy dit 'n gesamentlike byeenkoms of iets is, wat ons kan bymekaarkom nie. Ek het nooit gekom om enige kerk te begin nie. Nee, meneer. Ons het baie van hulle. Wat ons nodig het, is om hulle vol te maak met wedergebore Christene. Ja, meneer.

60 So ek is hier om my skouers aan die wiel te sit, en te help op enige manier wat ek kan, en oral waar ek kan, en elke deur wat oop is, om die getuienis te gee van die reddingsgenade van ons Here Jesus Christus, en die vervulling van Sy Gees wat my al hierdie jare bewaar het. Nou, baiekeer . . .

61 Ek sien Tony, het 'n tydjie gelede, gesê: "Ek moet neerskryf, Broer Branham, wat ek wou sê." Ek moet ook. Jy weet wanneer jy soort van oud raak, dink jy nie aan soos wat jy altyd het nie.

62 Iemand het gesê, nou die dag, gesê: "Broer Branham, hoe oud is jy?"

"O," ek het gesê: "ek is oor vyf-en-twintig."

"Hoeveel?"

Ek het gesê: "Ek is die tweede keer daaroor."

63 So, ek is nie meer 'n kind nie. Dis hoekom ons ons hare in die middel verdeel, broer. Dis reg. Dis reg.

64 Wel, het almal die Here lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, wonderlik! Nou, laat ons elke klein las en elke klein besorgdheid nou aflê.

65 En ek wonder, as dit nie nou te ongeleë is nie, terwyl ons 'n lang tyd gesit het, as ons net kan staan net 'n oomblik vir gebed.

66 En nou terwyl julle staan, gaan ek 'n hoofstuk lees, of 'n vers, uit die Bybel, terwyl julle aandagtig luister, as julle sal. Ek gaan lees uit die boek van die Openbaring van Jesus Christus, vanaf die 14de vers van die 3de hoofstuk.

> *En skryf aan die engel van die gemeente van . . .* Laodicea; *Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God;*
>
> *Ek ken jou werke, . . . jy nie koud is en ook nie warm nie: Was jy* tog *maar koud of warm.*
>
> *Maar nou, omdat jy lou is, . . . nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug.*
>
> *Want jy sê, Ek is ryk, . . . het verryk geword, . . . het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat jy ellendig . . . beklaenswaardig . . . arm, . . . blind, en naak is nie:*
>
> *Ek raai jou aan om van My te koop goud wat . . . vuur gelouter is, jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.*
>
> *Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek: wees dan ywerig, en bekeer jou.*
>
> *Kyk, Ek staan by die deur, en klop: as iemand My stem hoor, en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*
>
> *Aan hom wat oorwin, sal Ek* gee *om te sit . . . gee om saam met My te sit* op *my troon, soos Ek ook oorwin* het, *en saam met My Vader in Sy troon gaan sit het.*
>
> *Wie 'n oor* het, *laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*

67 Met ons hoofde gebuig, en ons harte, laat ons bid.

68 Here Jesus, ons dank U vanmôre, ons genadige en edele God, wat weer die Here Jesus teruggebring het uit die dood, en Hom aan ons voorgestel het vanmôre, in die vorm van die Heilige Gees, wat ons harte roep tot 'n nader wandel met Hom. Dat, soos ons die dag sien naderkom, die dag van tyd vervaag nou vinnig na die Ewigheid. Ons nader die oewers. Ons kan die branders hoor. O God, hierdie is 'n gevaarlike uur, soos ons hier gelees het, hierdie laaste kerktydperk, die Laodicea, waar ons die oewer nader. En die rykdomme en dinge van hierdie wêreld het die oë van die mense verblind. O, ons bid, God, dat ons anker in die Rots van die eeue sal vashaak, en wag vir die dagbreek. Skenk dit, Here.

69 Seën hierdie beweging van God, naamlik die Volle Evangelie Sakemanne se tak. Ons bid dat U hierdie sekere tak sal seën hier by Tucson. Mag dit groei totdat hierdie Ramada hierdie mure moet afbreek en sy tent uitsprei, om die wedergebore Christene te huisves wat sal inkom. Skenk dit.

70 Seën die broer wat met die herlewing, met 'n tent na die stad toe kom. Mag dit 'n instrument wees om siele te help inbring na hierdie kerke en—en na die Koninkryk van God.

71 Seën Broer Bethany, bo by die Eerste Gemeente, soos hy voortgaan met sy groot werk daarbo vir die Koninkryk van God, Here. Hoe ons bid dat U sal voortgaan met hom en met die kerke deur die land.

72 Nou terwyl ons wag op U, mag die Heilige Gees vir ons die uitleg gee, en die konteks van die teks, uitbring, want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

Julle kan maar sit.

73 Het julle al ooit net vir 'n oomblik gestop om te dink, dat hierdie ons laaste tyd kan wees wat ons ooit weer saam vergader? Weet julle dat daar sommige van ons hier mag wees, dat wanneer ons weer die volgende keer ontmoet, dat ons, party van ons, afwesig sal wees? Ons weet nie wat sal gebeur nie. En dan mag hierdie ons laaste keer wees om in 'n groep soos hierdie te sit, en te assosieer en saam te eet, op hierdie aarde.

74 Maar onthou, daar kom 'n tyd wat ons weer sal ontmoet, by die . . . nie by 'n—nie by 'n ontbyt nie, maar 'n maaltyd, o, waar die groot feesmaal van God, en die bruilof van die Lam, en die groot stoele uitgestrek is van hemel tot hemel, en die verlostes van alle eeue oorkant die tafel van mekaar sal sit. Dit sal 'n wonderlike tyd wees. Ek sien uit daarna.

75 Nou, ek wil 'n teks neem vanmôre, om met julle te praat, net vir 'n paar oomblikke nou. Ek sal julle nie langer hou as wat ek moontlik kan nie. Ek wil praat. Ek het 'n paar Skrifte en notas hier neergeskryf, waaroor ek wil praat, vir 'n paar minute, oor die onderwerp van: *'n Deur In 'n Deur*.

76 Nou, hierdie is 'n baie ongewone toneel, wat ons vanmôre sien, in ons Skriflesing. Dis ongewoon op baie maniere. Want, dis een van die mees patetiese Skrifte wat daar in die Bybel is, is hierdie Skrif hier, want dit praat van hierdie eeu, waarin ons lewe. Dit praat van waar Jesus Christus, in hierdie eeu, uit Sy Eie kerk gesit is, en staan, en klop aan die deur, om weer te probeer inkom. En rykdom en plesiere van die wêreld het Hom uit die kerk uitgedryf, totdat die kerk net 'n louwarm geraak het. Dis 'n baie patetiese prentjie, van al die ander kerke in die kerktydperke.

77 Ek het pas klaargemaak om deur hulle te gaan by my kerk. En gaan nou terug, om vanaf die 17de, die Sewe Seëls te neem.

78 En nou, hierin, vind ons dat al die ander kerke in die kerktydperke aanvaar het. Maar die laaste kerktydperk, die Laodicea, is Christus weggeneem van die mense af. En hulle het Hom uit die kerk uitgesit, en Hy het probeer terugkom, na die uitskopping, en het aan die deur geklop. Blind geword . . .

79 Baie ongewoon, maar, julle weet, partymaal is dit ongewone dinge waarin God verskyn. God verskyn in die ongewone, want God is ongewoon. Hy doen ongewone dinge. Hy verskyn op ongewone tye. En Hy word gesien op ongewone tye, op tye wat jy nie gedink het jy sal, Hy daar sou wees nie, tog is Hy daar. Baie ongewoon. "Hy werk op geheimsinnige maniere," het die Bybel gesê: "om Sy wonderwerke te doen." Daarom, maak dit Hom ongewoon.

80 En dit is so. Ons verval in die die alledaagse verloop van dinge, en ons mis God. Dis die ongewone wat baiekeer vir God bring, die ongewone dinge. Iets, ons raak so verstrengel in 'n sekere geloofsbelydenis, of iets wat ons probeer dien. En dan, as alles nie kom soos ons dink Dit moet nie, dan weier ons—ons Dit. "Dis—Dis nie—Dis nie van God nie." Ons maak 'n baie groot fout.

81 God wys Homself, en verberg Homself in dieselfde ding waarin Hy Homself wys. Sien? Hy sal Homself in iets wys, dan terugtrek en Homself verberg.

82 Soos die saad, Hy wys Homself in die mooi blom, dan laat Hy dit verrot. Maar Hy verberg Homself om weer te kan voortkom. En God doen dit so. Hy is baie ongewoon, ongewone tye, ongewone maniere, en partymaal, klein dingetjies.

83 Ons—ons—ons sien God baiekeer nie raak nie omdat dit, dink ons, te klein is.

84 Ek het daaraan gedink 'n paar oomblikke gelede, toe ons gepraat het van die klein tak, of hoe klein ons skare was. Nou, dit was my voorreg om met baie groot skares te praat. Bombaai, Indië, het ek vyfhonderdduisend gehad, een diens, Afrika, Suid-Afrika, omtrent, miskien tweehonderd-en-vyftigduisend in een diens. Maar waar ek die soetste en mees geseënde van almal gevind het, was waar ons klein huis-bidure gehad het. God is in die ongewone plek en in die ongewone dinge.

85 Herinner my, siende dat hierdie Kanadees hier gepraat het 'n paar oomblikke gelede, oor my goeie vriende van Kanada. 'n Tyd gelede het die Koning George, vir wie ek die voorreg gehad het om te bid, soos julle weet, wat die veelvuldige sklerose gehad het. Die Here het hom genees. En hy het Kanada toe gekom toe hy nog aan hierdie sklerose gely het. En hy was 'n dapper man. En al die skole het uitgekom toe hy deur Vancouver gegaan het, sodat—dat hulle kon uitgaan en neem hulle . . . Vir hulle 'n klein, Britse vlaggie gegee, en—en—en waai, om die Koning te eer, die kroon, soos hy verbygegaan het.

86 En 'n goeie vriend van my, Broer Ern Baxter, soos ons daarna geluister het op die uitsending soos dit deurgekom het, hy en sy pragtige koningin wat daar gesit het. En ons het in die kamer gesit, en ek sal dit nooit vergeet nie. Ern het so oorstelp geraak dat hy opgespring het uit die stoel en sy arms om my

gegooi het, begin huil het. En ek het gesê: "Waaroor is al die opgewondenheid, Broer Baxter?"

Hy het gesê: "Broer Branham, dis my koning."

87 Ek het gedink: "As dit 'n Kanadees so kan laat voel, om te weet sy koning gaan verby, wat behoort dit te doen aan 'n wedergebore Kerk, wanneer Jesus begin verbygaan?"

88 Daar, steeds, met sy veelvuldige sklerose, gesit in sy koets, sy outomobiel, en regop gesit, hoewel hy gesê het hy het verskriklik gely aan maagsere, en sy rug wat hom so erg gepla het.

89 En die onderwysers het die kleintjies laat uitkom, om hulle vlaggies te gaan waai. En na die—die parade verby was, wel, was die kinders veronderstel om terug te gaan skool toe. En terwyl hulle teruggegaan het, na 'n sekere skool toe, het almal teruggekom, behalwe een klein dogtertjie. En die onderwyseres het bekommerd geraak toe sy die rol afgelees het en die klein dogtertjie was nie daar nie. So sy het gesê: "Ek moet haar gaan kry," en—en die kinders geneem. En hulle het in die strate ingegaan, op soek na hierdie kindjie. En na 'n rukkie, het die onderwyseres self die kleintjie gekry, wat langs 'n telefoonpaal staan, haar hartjie aan die uithuil.

90 En soos sy gehuil het, en die onderwyseres het gesê: "Wat makeer, skat?" Gesê: "Het jy nie jou vlaggie vir die koning gewaai nie?"

Sy het gesê: "Ja, ek het my vlaggie vir die koning gewaai."

Sy het gesê: "Het jy die koning gesien?"

"Ja, ek—ek—ek het die koning gesien."

"Wel," gesê: "waaroor huil jy dan?"

91 Sy het gesê: "Jy weet, ek's so klein. Ek het die koning gesien, maar hy het my nie gesien nie."

92 Nou, dit mag so wees, met Koning George of enige ander koning, maar dit is nie so met Koning Jesus nie. Maak nie saak hoe 'n klein gemeentetjie Hy vir jou gegee het om die herder van te wees nie; hoe klein die werk skynbaar is nie, net om te praat met die melkman of die koerantman; Hy sal dit sien. Jy kan niks vir Jesus doen, sonder dat Hy dit weet nie. Jy moet onthou, Hy weet van elke dingetjie wat jy doen, en Hy sal jou al die erkenning gee, want dis wat jy gevra is om te doen. Maak nie saak hoe klein dit is nie, doen dit, in elk geval. As jy jou vlaggie wil waai, waai dit. Hy's in daardie ongewone ding. Hy mag 'n siel wen.

93 Ek glo dit was Dwight Moody. Of is ek verkeerd? Dit was dalk nie. 'n Ou suster het 'n begeerte op haar hart gehad, dat sy 'n siel wou wen vir Christus. En sy was 'n wasvrou. Was 'n honderd-en-vyftig jaar gelede, reken ek. En sy het haar geld gespaar totdat sy drie dollar opgespaar gehad het. En sy het 'n ou perdestal gehuur vir 'n dollar vir die week. En sy het soontoe

gegaan, dit self skoongemaak. En haar wasbank geneem en 'n altaar gemaak, en 'n preekstoel opgesit. En—en die seep steeds op die ou wasbank. En—en sy het 'n paar traktaatjies gekry en dit begin uitdeel. Dit was vroeë dae hier in Amerika. En almal sou daarna kyk, dit neergooi. Sy was toevallig 'n Metodis. En so hulle sou dit neergooi—gooi.

94 En die Metodiste was toe soos die Pinksters altyd was: 'n klomp fanatici. Hulle sou in die skole lê, en neerval, onder die krag van God en water in hulle gesig gooi. En moenie vir my vertel nie; ek was reg in die dienste. Sien? En as hulle hulle net uitgelos het, in plaas van om hulle terug te bring, hulle net laat aangaan het, sou hulle pinksters gewees het. Julle sien?

95 Maar, toe, hierdie arme ou vrou wat hierdie traktaatjies uitgedeel het, en, nee, almal sou hulle neergooi in die straat. En daar was 'n. . . Sy het gestaan, en huil, omdat hulle haar verwerp het, terwyl sy so hard probeer het om 'n prediker na die stad toe te bring, om die herlewing te hou. En die prediker moet daardie aand verskyn. Sy sou weggaan. En daar was 'n ou klein seuntjie met sy pappa se. . . Onder in die Suide, noem ons dit "galluses," julle weet. Kruisbande aan, lang hare wat in sy nek afgehang het, opgestap en gesê: "Haai, dame, wat gee jy weg?"

En sy het gesê: "Dis 'n traktaatjie, skat," het sy gesê.

"Wel," het hy gesê: "ek kan nie lees nie." Gesê: "Wat sê dit?"

96 En gesê: "Wel, ons gaan 'n diens hou onder by die ou perdestal vanaand."

Hy het gesê: "Dankie. Kan ek een kry?" het hy gesê.

"Ja." En hy het dit in sy sak gesteek.

97 Toe die diens plaasgevind het daardie aand, weet julle wie was daar? Julle getroue ou pastoor, en die dame. Dis al wat in die diens was. Die dapper ou soldaat, of daar een of 'n duisend was, hy het sy teks geneem, daar gestaan en vir die dame gepreek, net so getrou as wat hy sou wees as hy vir tienduisend gepreek het. Wie het by die deur ingesteier, omtrent toe die preek begin het, niemand anders as hierdie ou lang-haar seun nie. Daardie aand het hy homself by die altaar bevind. As ek dit nie mis het nie, was dit klein Dwight Moody, wat 'n halfmiljoen siele na Christus toe gestuur het. Sien? O, goeiste! Hoeveel groot dienste en swierige dinge het nie aangegaan nie! Sien?

98 God is in die ongewone dinge. God verskyn ongewoon. Jy wil dit onthou.

99 Nou, ek kan nie dink aan die kunstenaar wat hierdie skildery geskilder het, van Jesus wat aan die deur klop nie. Hy is een of ander Griekse kunstenaar. Ek kan net nie aan die man se naam dink op die oomblik nie. Maar hy het omtrent 'n leeftyd spandeer, om hierdie skildery te skilder. En, julle sien, voor dit in die eresaal gehang kan word, moet dit eers deur die saal van

kritiek gaan. Enige groot skildery moet dit doen. Dit moet die kritici trotseer.

100 O, ek wens ek het die—die iets gehad wat dit verg om dit voor hierdie gehoor te gooi vanmôre. Besef julle, Pinkstermense, soos ons afkoel, dat God ons deur die saal van kritici neem vandag? Die Kerk moet deur die saal van kritici gaan, voordat Dit in die eresaal kan ingaan, as 'n Bruid. Sekerlik. Kan julle dit verduur? Is julle gereed om op te kom saam met die Skrif, en dapper op julle getuienis te staan in die liefde van Christus? Gaan julle terug, gaan uit saam met die wêreld? Soos die Bybel gesê het: "Demas het my verlaat, vir die liefde van hierdie teenswoordige wêreld." Dis waar die kerk vandag staan, geweeg in die weegskaal. Dis hoekom, word Laodicea.

101 Hierdie skildery, soos die kunstenaar dit geskilder het, toe dit na die saal van die kritici gegaan het, kon hulle geen fout vind nie. En uiteindelik het 'n groot kritikus opgekom, en hy het gesê: "Daar is een ding verkeerd met jou skildery." Hy het gesê: "Dis waar, Jesus met die lantern in Sy hand, wat in die nag, in die duisternis van sonde kom. Dis 'n goeie skildery. Sy uitdrukking met die verwagtinge van iemand om na die deur toe te kom wanneer Hy klop," gesê: "dis wonderlik. En die kyk op Sy gesig, soos Hy verlang om te hoor van die binnekant af. Maar, meneer, daar is geen knip op die deur nie. As Hy sou kom, hoe sou Jesus kon inkom, want daar's geen knip op die deur nie?"

102 "O," het die kunstenaar gesê: "ek het dit so geskilder, want die knip is aan die binnekant. Jesus kan nie net inkom volgens Sý wil nie. Dit moet jóú wil wees, om Hom in te laat."

103 "Kyk, Ek staan by die deur en klop. As iemand My Stem sal hoor, en inkom, My laat inkom, sal Ek inkom en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."

104 Dis die prentjie waarna ons nou kyk. Hoekom klop 'n man aan 'n deur? Wat laat 'n man aan 'n deur klop? Hy probeer toegang verkry. Hy probeer inkom. Daar . . . Miskien is daar iets waaroor hy met jou wil praat, of miskien wil hy met jou praat oor besigheid of iets. Of—of, miskien wil hy vir jou iets gee. Daar is een of ander rede, of hy sal nie aan die deur klop nie. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Sien? Ons sal net . . . Die menslike ordentlikheid sou net wees om die deur oop te maak en te sien wat die persoon wil hê. Dis maar net die menslike ding om te doen: die deur oop te maak, die man te vra: "Wie is jy? Wat wil jy hê?"

105 Hy wil hê, miskien, wil hy by jou kom kuier, net om te gaan sit, sê: "Ek's jou vriend. Ek wil vanmôre net graag vir 'n oomblik met jou praat." Gaan sit dan, as hy 'n vriend is, praat met hom. As hy een of ander persoon is wat iets van jou wil hê, kan julle dit bespreek. Sien?

106 Baie belangrike mense het aan deure geklop, deur die lewe. Nou, dit hang baie af, na jy na die deur toe gaan, wie dit is wat klop. Jy moet weet wie dit is wat klop. Maar jy behoort, ten minste, na die deur toe te gaan. Dis die enigste ordentlike ding om te doen, is om uit te vind wie daar by die deur is. Gaan soontoe, as iemand klop, sê: "Wie is dit?" Maak die deur oop. "Wie is jy? Wat wil jy hê?" O, baie—baie, dit mag 'n belangrike persoon wees. Wat as dit 'n belangrike persoon is? Dit sou 'n groot eer wees vir jou, as jy die deur vir iemand oopgemaak het, wat 'n belangrike persoon was.

107 Wat dink julle sou gebeur het, 'n paar jaar gelede, toe Adolf Hitler die Fuehrer van Duitsland was? Wat dink julle van 'n kêreltjie wat onder in die stegie woon, of onder in die straat iewers, as hy een oggend 'n klop aan die deur gehoor het, julle weet. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] En hy het na die deur toe gegaan, en hierdie Duitse voetsoldaat wat daar staan, en daar het Adolf Hitler gestaan, wat voor die deur gestaan het? Wel, hy was die belangrikste man in Duitsland op 'n tyd. Sien? Sekerlik. Wel, hy was 'n belangrike man.

108 Weet julle wat daardie voetsoldaatjie sou doen? Hy sou amper flou geval het. Hy sou op aandag gestaan het, sy Duitse saluering gedoen het, gesê het: "Groot Fuehrer van Duitsland, kom in my nederige huis in. Enigiets hier wat u begeer, enigiets wat u dienskneg kan doen, laat my net weet. Ek sal dit met graagte doen." O, wat 'n eer!

109 Weet julle wat? Elke koerant in Duitsland sou daardie artikel gehad het, van groot Adolf Hitler wat afgegaan het na 'n gewone soldaat se huis, en aan die deur geklop het en vir iets gevra het. Dat Hitler vir 'n voetsoldaat sou vra vir iets, na sy huis toe sou kom, en—en sy huis sou vereer, wel, watter groot ding sou dit gewees het! Wat, en die . . .

110 As julle in Italië was, en in die dae van Mussolini. En Mussolini was die diktator van—van—van Rome, van Italië. En wat as een of ander arm persoon onder in die straat, een oggend 'n klop aan die deur sou hoor? [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] En daar het Mussolini voor die deur gestaan. O, goeiste! Hulle harte sou gebewe het: "Wel, groot diktator, groot geëerde meneer, kom in my huis in." Aan die bewe en skud: "Wat, wat kan ek doen? Is daar enigiets hier wat—wat u begeer? Is daar iets wat u dienskneg vir u kan doen?" O, dit sou 'n groot eer gewees het vir enige Romein om Mussolini by sy huis te gehad het.

111 Of wat as die koningin van Engeland, vandag, hier in Tucson sou inkom, en hierbuite op 'n lughawe sou land, en na een van ons huise toe kom hier? Een van ons . . . Ons is net gewone mense. En as die koningin van Engeland al die pad van Engeland af sou kom oor die see, hierbuite op die lughawe sou land, op die—op die

lughawe en gebring sou word in 'n huurmotor, en kom en aan jou deur klop. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] En jy, 'n eerbare dame of heer, sou na die deur toe loop en sê: "Aangename kennis?" En daar het sy daar gestaan, net as 'n gewone vrou. En jy sou sê: "Aangename kennis? Wie is jy?"

112 "Ek is die koningin van Engeland," en sou haarself identifiseer. O, goeiste, wat 'n eer! Wat 'n respek!

113 Elke koerant deur Tucson, dwarsdeur die Verenigde State, dit sou op nasionale nuus wees, dat die groot koningin van Engeland al die pad na Tucson, Arizona toe gekom, en jou, 'n arm persoon, besoek het. Die waardigheid wat dit sou voeg by die koningin, om haarself te verneder om na my deur of na jou deur toe te kom. Wel, jy weet wat sy sou sê? Al is sy nie. . . Jy's nie onder haar heerskappy nie, maar tog is sy 'n belangrike persoon. Sy's die belangrikste koningin in die wêreld. Wanneer dit by nasionale kom, is sy die grootste nasionale koningin in die wêreld. Wel, jy sou gesê: "Geëerde koningin, kom in my huis in. As daar enigiets hier is wat u graag wil hê, enigiets wat u wil doen, maak net uself tuis." Wel, sekerlik. En al die koerante sou dit berig het.

114 Of selfs vanmôre, as ons president, Kennedy, na jou deur toe sou kom. O, jy mag verskil van hom, in politiek, maar steeds sou jy hom inlaat. Hoekom? Nie omdat hy net miskien 'n man is nie, maar dis oor wie hy is. Hy's die president van ons Verenigde State. Tog, sou ons, mag verskil van hom (ek sou) in politiek. Maar, tog, sou jy geëerd wees dat President Kennedy na jou deur toe kom.

115 Wat as hy 'n spesiale reis onderneem het om na jou deur toe te kom? Wel, dit sou oral in die nuus gewees het. "Die nederige Mnr. Kennedy, president van die Verenigde State, het na Tucson, Arizona toe gevlieg, om na John Doe se deur toe te kom." Watter groot eer sou dit vir hom wees, en watter eer vir jou. Wel, jy sou hom op geen manier wegwys nie. Beslis nie. Jy sou hom beslis ontvang, want hy's 'n belangrike man.

116 Maar wie is belangriker as Jesus? En Hy word van meer deure af weggewys as al die diktators en konings en heersers van die wêreld. Ja. "Ek staan by die deur en klop; en as iemand My Stem sal hoor en die deur oopmaak, sal Ek inkom en saam met hom maaltyd hou."

117 O, hierdie kloppies wat ons aan die deur kry. Baiekeer, klop Jesus aan ons hart se deur. Dis waar die kerk vandag is. Daardie kloppies, julle voel dit, ongetwyfeld, nou. Wat is dit? Dis Jesus, wat probeer inkom, toegang probeer verkry tot jou hart se deur. Hy het . . . wil graag 'n rukkie met jou praat.

118 En as jy die president sal eer, wat van Jesus? As jy, onder geen omstandighede, die president sou weier nie, hoe kan jy Jesus weier? Die president is net 'n man; hy moet sterf. Maar Jesus is

jou God. Hy's jou Regter. Nie net dit nie, maar dieselfde Een, wat jou Regter is, is nou jou Verlosser.

119 Nou, die president mag jou wil oproep vir die Weermag. Hy mag jou oproep om—om iets te doen wat verskriklik is om te doen. Hy mag jou oproep, of iets van jou wegneem, jou kinders of iets vat, om sy diensknegte te wees of iets. Hy mag so-iets doen.

120 Maar Jesus wil nie dit hê nie. Hy wil vir jou iets gee. Dis hoekom Hy klop. Hy het iets vir jou. Daar's niks wat groter kan wees as dit wat Hy vir jou wil gee: die Heilige Gees, nie. Hy wil vir jou die Ewige Lewe gee.

121 Wat as die president sou sê: "Ek sal maak . . . Ek het jou kom vat, en ek het die gesag om dit te doen, en jou die president van die Verenigde State te maak"? Jy—jy sou dit een of ander tyd moes opgee. Wat as die koningin jou koningin van Engeland wou maak, en jou die kroon laat dra? Dit, jy sou dit moes opgee.

122 Maar Jesus gee ons 'n kroon van die Lewe, wat ons nooit opgee nie, onverganklike kroon van Sy Heerlikheid. En ons hoef Dit nie op te gee nie. Hy gee Dit vir ons. Dis 'n seën. Dis die Heilige Gees, waarmee Hy ons lewens wil kroon.

123 Hoe kan ons so onverskillig wees, om Dit te weier? Watter onbesonne dinge doen die kerk! Hoe onbesonne kan die mense raak, om so 'n fout te maak, soos om te weier om te luister na daardie klop aan die deur. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Hoe—hoe kranksinnig sou dit wees vir enige man of vrou, teenwoordig vanmôre, om daardie klop, van Ewige Lewe, te weier!

124 En ons kyk en sien die wolke van oordeel wat vorm, om die wetenskap te hoor sê: "Dis drie minute voor middernag." En daar is omtrent twee van daardie minute alreeds verby. Dit was al 'n paar jaar gelede.

125 En ons sien die kerk verstrooi. Ons sien alles aangaan, soos dit is, en denominasie wat denominasie begin word, die afkoeling. En herlewingsdae is, blykbaar, amper verby. Ons kan maar net sowel die waarheid erken. O, ons het baie geraas, sekerlik, slaan die klavier, spring op-en-af. Vroue wat hulle hare afknip, en blou oë, en aangaan, en mans wat hulle dit laat doen! Dis teenstrydig met die Skrif.

126 So 'n siek gesig soos wat ons selfs op ons strate sien vandag! Ek het my kinders gister geneem, wou afgaan om die rodeo-parade te sien verbygaan; my kindertjies. My pa was 'n ruiter, en ek—ek het 'n bietjie gery, en dis net in hulle om van perde te hou. En hulle wou die perde sien. En toe ek gestop het in die straat, het ek siek geword in my binneste en omgedraai, om te sien hoedat, mense vandag, hulle in die verlede probeer leef, iets te probeer lewe wat verby is.

127 Ons is in 'n veranderende wêreld. Dit verander die heeltyd, in my streek. Ek's 'n Kentuckiër, julle weet, van geboorte. Dis, al my mense woon omtrent daar. En hulle het die Renfro Vallei. Hulle probeer agtervelders naboots, en—en lampolie lampe gebruik, en—en kook met—met woudstowe, en klere dra soos wat die—die vroeë pioniers gedra het. Hulle is—hulle is in 'n veranderende wêreld, en probeer om—om—om te lewe in 'n—in 'n . . . Julle is in 'n moderne tyd, en probeer teruggaan en in iets anders lewe wat was. Wat laat 'n mens so maak? Omdat hy veronderstel is om dit te doen.

128 Maar probeer jy dan vir hulle 'n Evangelie bring wat nooit verander nie, wil hulle dit nie hê nie. Hulle wil iets modern en op datum hê, iemand wat hulle op die rug sal klop en hulle laat wegkom daarmee om net by die kerk aan te sluit, en op enige manier te lewe wat hulle wil. Maar wanneer dit kom by regtig teruggaan na die Evangelie, wil hulle dit nie hê nie. En daardie einste ding in hulle wat honger om terug te gaan, is die Evangelie. En hulle probeer dit bevredig deur die natuurlike dinge terug te neem, en die geestelike dinge te weier. Sien hoe die duiwel die—die Evangelie omdraai vir die mense?

129 Geen oneerbiedigheid teenoor my susters nie, maar as 'n vrou, vroeër jare, deur 'n dorp sou gaan soos wat ek gister gesien het, met 'n broek aan! Hoe die dame ooit in hulle ingekom het, net gelyk asof die vel aan die buitekant was. Ek het gewonder hoe die vrou haar voet in hulle ingekry het. In die straat afgeloop! Wanneer, die Bybel gesê het: "Sy wat mansklere sal aantrek, is 'n gruwel in God se oë."

130 En met daardie blou, oral op haar oë, as sy deur 'n pioniersdorp gegaan het, sou die ou dokter haar in die hospitaal gesit het, en die dorp onder kwarantyn geplaas het, vir 'n siekte, wat: "'n Vrou vol kanker net voordat sy sterf." Dis reg. So 'n siekte!

131 En dan probeer jy teruggaan en iets lewe, dan weier jy die klop van die outydse Evangelie van die Heilige Gees, en soos dit was op die Dag van Pinkster met dieselfde eienskappe wat dit daarin gehad het, om ons te reinig en ons nuwe skepsels te maak. Ons lewe in die skaduwees, en die kerk is in daardie Laodicése tydperk: "Ryk, het aan niks gebrek nie." Nou, ons Pinksters kan nie te veel skree op die Baptiste en Metodiste nie, want die pot kan nie ketel verwyt nie, julle weet. So ons het dieselfde ding gedoen. Nou, dis reg.

132 "En, kyk, Ek staan by die deur en klop, en as iemand . . ." Nou, onthou, die Bybel het gesê, Hy was buitekant die kerk, in hierdie tydperk, en het probeer inkom. Nou, julle kan nie met God se Woord stry nie. Sien? Hy het probeer inkom, gesmeek om in te kom. "Enige man wat die deur sal oopmaak, My sal inlaat, o, Ek sal inkom en saam met hom maaltyd hou." Sien? Hy het iets

wat Hy met jou wil bespreek, 'n saak, of 'n plan van verlossing. Hy wil met jou praat. Maar miskien het jy so vol geloofsbelydenis en hard geword, onverskillig, dat jy Hom nie wil hoor praat nie. Dis reg. "Kyk, Ek staan by die . . . "

133 Jy sê: "O, Broer Branham, nou wag net 'n bietjie. Ek het Hom alreeds ingelaat." Wel, miskien het jy net dit gedoen. Maar miskien is dit al wat jy gedoen het, Hom net laat inkom. Julle sien, baie mense nie . . . Hulle is bang vir die einste gedagte aan die hel, en hulle weet hulle gaan soontoe sonder Christus. Sien? En hulle sal sê: "Wel, sekerlik, ek het Hom al dertig jaar gelede, twintig jaar gelede, laat inkom." Maar dit mag net al wees wat jy gedoen het.

134 Wat as ek na jou huis toe gekom het, en aan jou deur geklop het, jy gesê het: "Kom in, Broer Branham"? Ek het ingekom. "Maar jy staan net hier. Jy moenie gaan ondersoek, rondkrap in my huis nie." Sien?

135 Nou, weet julle, binne-in die deur van die menslike hart het ons klein geheime kompartementjies? O, ons wil dit nie erken nie, maar dis die waarheid. Sekerlik, ons het klein geheime kompartementjies. Ja, meneer. Ons noem graag . . . Ons verwelkom, in ons hart, maar ons wil Hom nie ons Here maak nie. Ons wil nie hel toe gaan nie, so: "Jesus, kom U by die deur in, sodat ek nie hel toe gaan nie, maar U kan nie my Here wees nie."

136 Nou, *Here* is "eienaarskap." Dit beteken, wanneer jy Hom laat inkom as Here, beheer Hy alles. Hy is tuis.

137 Wanneer ek na jou huis toe kom en ek het aan die deur geklop, as jy my nie wil hê nie, sê: "Gaan weg van my deur af," sou ek jou meer waardeer. As jy my by die deur laat inkom, sê: "Nou moenie gaan rondkrap nie. Staan jy net *daar*. Nou, wat wil jy hê?" Sien? Sou ek welkom voel? Kan ek my besoek aan jou verduidelik? Beslis nie.

138 En dis hoe die kerk vandag is, vriend. Dis hoe die mense raak. "Kom in, Here, maar nou, dis, dis al. Sê vir my wat U wil hê." Sien? O, nee. Dis—dis waar ons in die moeilikheid beland.

139 Ons moet Hom verwelkom. "Here, kom in my huis in. As daar enigiets is, as daar enigiets hierbinne is wat U wil hê, help Uself. Ek's U s'n. U is myne. U vereer my. Die groot Koning, die Skepper van die hemel en aarde, het aan my deur geklop. En ek wil hê U moet inkom, Here. Here, wees my Here. Neem my. Mag U enigiets met my doen wat U wil. Enige slegte ding wat in my is, ontdek elke geheim wat in my hart is. Gaan in elke deur in. Ondersoek my, Here, kyk wat verkeerd is met my. En wat ook al verkeerd is, wys my, Here. Gooi dit by die deur uit. Ek wil U hierbinne hê. Ek het U ingenooi, om my Here te wees. Ek het nie daardie seëning nie, Here. Reinig my nou."

140 As ek Hom nie my volle Here kan maak nie, sal ek nooit die deur oopmaak vir Hom nie, as Hy nie Here kan wees nie. Ek wil

nie net hê Hy moet Verlosser wees, as Hy nie Here kan wees nie. As ek . . . Almal wil 'n Verlosser hê, maar hulle wil nie 'n Here hê nie. Hulle wil iets hê, dat hulle al die oordeel van die hel kan ontsnap, en dan kan hulle op enige manier lewe wat hulle wil, doen wat hulle wil.

141 Julle weet, kom ons loop net rond in die gebou van die hart. Sal julle my nog tien minute verduur? Kyk. Let op. Kom ons loop net 'n oomblik rond in die hart.

142 Die eerste ding, soos jy in die menslike hart ingaan, aan die regterkant soos jy ingaan, is daar 'n klein deurtjie daar, en dit word genoem "my privaat lewe." Nou, jy wil nie hê enigiemand moet daarin lol nie. "Nou, as ek enigiets wil doen, is dit my saak. Ek sal by die kerk aansluit, en ek sal soontoe gaan. Maar, prediker, moet jy nie vir my sê wat ek moet doen nie." O, ja. Sien? "Nou. ek weet die Bybel sê Dit, maar ek glo Dit nie." O, goeiste! Sien? Dink julle dan Jesus sal ooit in so 'n hart bly? Beslis nie. Hy kom in om Here te wees. Hy kom in, Hy wat . . .

143 En daardie—daardie privaat lewe, o, dis 'n groot ding. Nou, julle weet ons wil ons eie privaat lewe hê. "As ons 'n sosiale drankie saam met die buurman wil drink, is dit ons saak. As ons vroue ons hare wil sny, dis wat . . . Dis ons eie Amerikaanse voorreg. As ons kortbroek wil dra, dis ons saak." Wel, dis waar. "As ons mans 'n sosiale drankie wil drink, en as ons ons vrou dit wil laat doen, het jy geen saak om een woord vir ons te sê nie."

144 Maar die Evangelie het gesê: "Moet dit nie doen nie." Nou, wie se woord is reg? Sien? God se Woord is reg.

145 Sê: "O, sekerlik, ons wil—ons wil vir Jesus hê." Sekerlik. Ons dink ons het Hom, en alles.

146 Maar ek wonder of daardie Wegraping kan verbygaan, en ons sal agtergelaat word eendag, dan wonder waar dit alles is, as dit in die geheim sou verbykom, julle weet. En dis hoe dit kom, soos 'n dief in die nag. Julle sal . . . Nege-en-negentig uit elke halfmiljoen, elke miljoen, sal nooit weet die Wegraping vind plaas nie. Dit sal weg wees en hulle sal nooit eers enigiets daarvan weet nie. Jesus het so gesê. So dit maak dit reg. Sien? Beslis. Dit sal kom soos 'n dief in die nag, en weggesteel word.

147 Soos daardie boek wat ek eenkeer gelees het. Wie was daardie kêrel? Romeo en Juliet, of so-iets, sien, hy het gekom en haar in die nag kom haal.

148 Dis hoe Jesus maak. Wanneer die wêreld net aan die slaap is, soos die Bybel gesê het, die Laodicése tydperk, sal Hy inglip en daardie Bruid kry. Dan sal hulle almal wat opgewek is, deur die eeue, wat deur die eeue was, Hemel toe gaan in die Bruid.

149 Dan sal die oordele kom. Die kerk sal sê: "Wel, wag 'n bietjie. Ek het gedink daar was veronderstel om 'n Bruid te wees, 'n Koms van die Here en die Bruid."

150 "Dis al weg vir 'n lang tyd. Sien? Julle het niks daarvan geweet nie. Sien? Dit het in die geheim gekom."

151 Hoekom? Ons sou sê: "O, ek behoort aan die kerk. Ek's Metodis. Ek's Baptis. Ek's Pinkster." Dit beteken nie een ding vir God nie.

152 Dis niks meer as 'n dokter wat sê: "Jy het kanker, dis gevorderde stadium." En dit—dit het niks te doen met die siekte nie. Dit gee dit net 'n naam. Dis 'n duiwel, sien: "kanker." As jy sou sê: "Dis 'n duif. Dis 'n aasvoël. Dis een of ander soort aasvoël." Dit—dit, dit het niks daarmee te doen nie, wat . . . En, sien, dit genees dit nie. Dit maak dit nie dood nie. Dit sê net wat dit is.

153 Sê net, jy sê: "Ek's—ek's 'n Christen. Ek's 'n . . . " Net volgens belydenis, miskien. Sien, ons—ons lewens spreek so hard dat ons getuienis nie eers gehoor kan word nie; ons lewens, ons aksie, ons sedes onder ons.

"Hulle gaan 'n herlewing hier oorkant hou."

"Wie hou dit?"

"Die Baptiste."

154 "Ag, ons sal niks daarmee te doen hê nie." En miskien het God 'n boodskap daar vir ons.

"Wie hou dit?"

155 "Die Eerste Gemeente, die Tweede Gemeente, of die—of die Jesus' Naam, of die—of die Kerk van God, of—of iets."

"O, wel, ons—ons, ons is nie in daardie groep nie."

156 Ons is broers. Sal iemand waag om die erfenis van God te verdeel? Hulle het die Heilige Gees gekry net soos julle Dit gekry het, dieselfde goed gedoen, wat julle gedoen het, toe julle Dit gekry het. Sekerlik.

157 Maar sien julle hoekom hou ek van hierdie Volle Evangelie Sakemanne? Dit gee 'n geleentheid, wat ek hierdie dinge kan uitdruk, sien sê: "Hierdie is Dit." Ons is broers. "Ons is nie verdeeld nie. Almal in een Liggaam is ons," sien, soos die digter gesê het.

158 Nou: "Daardie klein deurtjie van my eie, my eie privaat lewe, nou, dis alles reg. Ek sal 'n lidmaat van jou kerk wees. Ek sal aansluit by die Volle Evangelie Sakemanne. Maar, nou, moet my nie begin vertel ek moet hierdie Heilige Gees ontvang en so aangaan nie. Sien? Dis daardie eie privaat lewe." Sien? Jy sal nooit die Heerskappy van Jesus kry deur dit te doen nie. Hy sal net reguit omdraai en by die deur uitstap.

159 Wat sou jy doen in so 'n geval, as iemand, as jy na 'n huis toe gegaan het, en hulle gesê het: "Staan *hier* by die deur. Verklaar jou besigheid"? Wel, jy sou sê: "Dankie," by die deur uitgaan. Jesus sou ook. Sekerlik. Dis hoekom die kerk, in 'n koue toestand

bly sit, sien, net soos dit is. Moenie dat die Volle Evangelie Sakemanne ooit in daardie stadium beland nie.

160 Wanneer jy 'n Boodskap hoor, en 'n klop hoor [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.], maak oop en sê: "Here, waaroor gaan Dit alles?" Wanneer jy 'n man sien . . . Ons het baie nabootsers. Maar wanneer jy 'n egte een sien!

161 Wat beteken 'n nabootser? Wat beteken 'n vals dollar, wanneer jy 'n dollar optel wat vals is? Dit beteken dit was gemaak vanaf 'n egte. Daar moet 'n egte een wees, om daardie 'n valse te maak.

162 So daar is 'n egte Heilige Gees, 'n egte krag van verlossing, 'n egte God van liefde. Ja. Moet niks minder aanvaar nie. Nee, meneer, moet dit nie doen nie. Goed. Daardie privaat deur . . .

Ek sal moet opskud deur hierdie deure.

163 Daar's 'n klein deurtjie van trots, ook. O, goeiste! Dis 'n slegte een. Ons beter nie te lank by daardie deur bly nie. Maar jy wil staan in daardie eie deur, en sê: "Nou, moet jy nie begin en vir my niks sê nie. Sien? Wel, ek het my eie trots." Sekerlik, maar jy moet dit nie doen nie.

164 Ek het hier gepreek, nie lank gelede nie, oor *Die Lam En Duif.* En die lam, julle sien, 'n lam, 'n skaap, produseer niks behalwe een ding nie, dis wol. Dis wat hy produseer. En hy gee sy regte op. Jy kan 'n skaap neem en hom opgooi, en die—die—die bene *so* beetkry, en hom oral afskeer. Hy sal net daar lê. Hy gee sy regte op. Om die waarheid te sê, hy het die wol laat groei. Dit behoort aan hom, maar hy gee dit op.

165 Wanneer jy vir 'n man sê hy moet wedergebore word, hy moet gereinig word, van 'n lewe van sonde. Hy, hy moet ophou met sy leuens, diefstal, verneuk, en—en bekeerdery, en aanganery. Man, party van hulle blaas op soos 'n ballon; nou, sien, dis 'n bok, sien, hy sal 'n storm opskop. Maar 'n regte lam sal hulle regte opgee.

166 Ek het eenkeer vir ons dames gesê, oor . . . Nie dat ek dit teen die dames het nie; hulle is ons susters. Maar ek beywer my vir hierdie Kerk. Wanneer ek die wêreldsheid soos Sodom daarin sien inkom, dan moet ek uitroep daarteen. Daar is iets binnein dat my hart bloei, en ek roep uit. Moenie Marilyn Monroe of sommige van daardie vroue daar volg nie. Maak soos Sara in die Bybel. Sien? Moenie probeer om Mnr. Grootkop, of iets te wees, oor die platvorm hardloop en aangaan, en probeer aantrek soos 'n verhoogster, en vertoon en aansit nie. Moenie. Ons het te veel Hollywood-vertoon in Pinkster. Dis reg. Ons het die Heilige Gees nodig. Nou, julle mag dalk nie lief wees vir my nie, julle mag my dalk nie weer wil terughê nie. Maar hierdie is 'n geleentheid om die Waarheid te vertel, en hierdie is die Waarheid. Stel Dit op die proef, vind uit of Dit nie so is nie.

'n Dame het gesê: "Dis my eie Amerikaanse voorreg."

Ek het gesê: "Maar jy sal dit opgee."

167 'n Tyd gelede, het ek en my vrou na die kruidenier toe gegaan in Indiana, en ons het iets vreemds gesien, 'n dame het 'n romp aangehad. Dit was baie vreemd. Sy het gesê: "Skat, sing daardie mense nie—nie in kore nie?"

Ek het gesê: "Ja. Ja."

"Wel, hoekom?"

168 Ek het gesê: "Wel, jy sien, skat, hulle, hulle is nie van ons Koninkryk nie," gesê, ek het gesê: "van ons Koninkryk nie." Ek het gesê: "Nee."

169 Ek was 'n sendeling, baie keer om die wêreld. Ek vind, as ek Duitsland toe gaan, vind ek 'n Duitse gees. Ek gaan Finland toe, daar's 'n ander gees. Ek gaan Australië toe, daar's 'n ander gees. Ek kom Amerika toe, daar's 'n ander gees. Dis 'n nasionale gees, en hulle almal is van die duiwel. Jesus het so gesê. Die koninkryke van hierdie wêreld is die duiwel s'n. Hy beheer elkeen van hulle. Nou, Jesus het so gesê.

"So, julle sien, dis daardie nasionale gees."

"Wel," sy het gesê: "is ons nie Amerikaners nie?"

Ek het gesê: "Nee, meneer. Potensieel, is ons."

170 Gesê: "Wat is jy?" Ek het gesê. . . "Wel, moet ons nie maak soos Amerikaners nie?"

171 Ek het gesê: "Nee, nie hierdie dronk, vegtende, skandelike groep nie. Nee, meneer. Ons is gebore uit 'n Hemelse Gees. Ons kom van waar suiwer, onvervalste heiligheid, waar daar Engele en geregtigheid voor God is." Ek het gesê: "Ons lewe hier as 'n volk, sekerlik. Dis reg. Hierdie is ons volk, wat ons hier is, probeer. Maar ons: 'U Koninkryk kom. U wil geskied, soos in die Hemel, net so ook op die aarde.'"

172 Daarom, wanneer ons gebore word van Bo, en al die sonde regoor die kloof beweeg is, is dit die Gees van God wat inkom, die Skepper, in ons hart, en Hy beheer ons karakter. Ons lieg, steel, verneuk nie. Eerlik, opreg, wandel soos burgers van die Hemel, want ons is dit as ons gebore is uit die Gees van God.

173 En soveel van ons raak verward, en—en gebruik net klein ismes en sensasies en dinge, en noem dit die Gees van God. Dis hoekom ons so beswaard is soos wat ons vandag is, die hele kerkstelsel. Dis verskriklik. En ondanks dit alles, staan Jesus nog steeds by die deur, uitgesit.

174 Maar, tog, nog een deur wat ek wil oopmaak, die deur van geloof, dan sal ek afsluit. Daar's net omtrent 'n dosyn wat ek hier neergeskryf het, maar ek gaan hulle oorslaan. Die deur van geloof.

175 Julle sê: "Sal jy afkom na die Volle Evangelie Sakemanne?"

"Die wat?"

"Die volle Evangelie."

"Dis teen my geloof."

176 Daar's net een Geloof. Dis reg. "Een Geloof, een Here, een doop." Dis reg.

"Wel, dis teen my geloof."

177 Miskien wil jy nie hê Jesus moet in daardie deur van jou geloof staan nie. Jy het jou geloof gebou op 'n geloofsbelydenis van 'n kerk, 'n denominasie. En dis waar jou geloof toegemaak is op sy eie, in 'n kamer, en jy wil nie vir Jesus laat inkom, wat die Woord is nie.

178 "In die begin was die Woord," het Johannes 1 gesê. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." Hy is die Ewige Woord.

179 En jou, jou geloof, wat—wat sê, dat: "Die dae van van wonderwerke is verby. En daar is glad nie so-iets soos praat in tale, en profeteer nie. En hierdie onsin wat die kerk of die pinksters aanjaag, vandag, daar is glad nie so-iets nie." Miskien laat jy 'n geloofsbelydenis terughou in die deur van jou geloof.

180 As jy daardie deur sal oopmaak en die Woord van God laat inkom, om jou Here te wees, sê: "Ek gee nie om wat die geloofsbelydenis sê nie. As die Bybel so sê, U is my Here."

181 Jy moet wedergebore word. En wanneer jy wedergebore word, dan moet jy gevul word met die Heilige Gees. Maak nie saak watter geloofsbelydenis, wat is, niks daarvan nie.

182 Jy sê: "Wel, ek glo dat Jesus die Seun van God is." Die duiwel glo dieselfde ding.

183 Jy moet wedergebore word. Almal is bang vir daardie nuwe Geboorte. O, ek weet jy noem jouself, dat jy die nuwe Geboorte het. Maar ek dink partymaal dat ons lewens so hard spreek dat ons getuienis nie gehoor kan word nie. Sien?

184 'n Geboorte is 'n gemors, ek gee nie om waar dit is nie. Verskoon hierdie uitdrukking, maar as 'n geboorte in 'n varkhok is, is dit 'n gemors. As dit in 'n koeistal is, is dit 'n gemors. As dit in 'n hospitaalkamer is, is dit 'n gemors. En as dit by die altaar is, is dit 'n gemors. Dit sal jou laat verrot, in jou eie denke. Dit sal jou alles laat weggooi wat is. . . Dinge wat jy eers gekoester het met jou hele hart, jy sal dit opgee om daardie klein, sagte kloppie te laat inkom. Ek gee nie om of dit 'n sendingstasie op die hoek is nie.

185 Ons mense hier glo in groot dinge. Ons Amerikaners, ons wil groot hoede hê, en—en groot outomobiels, en groot denominasies, meer in die geloofsbelydenis, en meer in die denominasie. Alles wat ons wil hê is groot goed; en God is agter klein, stil stemmetjies aan. 'n Klomp rumoer en geraas is wat ons wil hê.

186 ’n Boer het eenkeer ’n wa geneem, uitgegaan in die veld. En toe hy het, het dit gespring en geratel en ’n klomp geraas gemaak. Toe dit teruggekom het, het dit oor dieselfde walle gegaan en nooit eers beweeg nie. Dit was gelaai met goeie goed.

187 Ons wil die geloofsbelydenis hê. “Ons denominasie is die grootste. Ons het *hierdie*. Prys God, ons het hierdie klomp *hier* oorkant geklop. Ons het hierdie klomp *hier* oorkant geklop, in geld betaal, en sterre gee, en al die res, van wie die meeste sal inbring na die kerk.” Niks daarteen nie. Dis alles reg. Maar, hier is wat ek probeer sê, dis nog nie Dit nie. Dis in die haak, om mense in die kerk te kry. Ja.

188 Maar Jesus het gesê: “Toe ’n man uitgegaan het en bekeerwerk gedoen het en een ingebring het,” gesê: “wat het hy geword? ’n Twee keer erger kind van die hel as wat hy was toe hy begin het.”

189 Ons hoor, op Billy Graham se programme. Wat, niks te sê teen hierdie groot evangelis nie. Beslis nie. Hy’s ’n man van God, en God gebruik hom. Maar waar is hy? Onderin Sodom. Onthou julle die tipe? Daar was twee Engele wat afgegaan het na Sodom, ’n tipe wat Jesus gesê het sou dieselfde ding wees by Sy Koms.

190 Maar Een het by Abraham gebly, die uitverkore Kerk, uitgeroeptes. Kyk wat albei Engele gedoen het, dan het jy die Boodskap.

191 Is dit nie ’n vreemde ding, van daardie twee boodskappers nie? Presies wat God gesê het, in die laaste dae, daar was nog nooit ’n man gewees daarbuite op daardie veld, van al die dae van Moody, Sankey, Finney, Knox, Calvyn, al die pad af, was daar nog nooit een wat ’n naam gehad het, wat geëindig het met h-a-m, G-r-a-h-a-m, tot hierdie dag toe nie. Sien die boodskapper na die formele kerk, sien: “vader van nasies.”

192 Nou, die Kerk geestelik was nie daarbinne, aan die begin nie. Pinkster, het tipeer, kyk na daardie boodskapper wat na daardie Kerk toe gekom het. Hy het gesit en praat met Abraham. Hy het gesê: “Waar is jou vrou, Sara?” En hom “Abraham” genoem. Wat, sy naam was Abram. Gesê: “Waar is jou vrou, Sara?” Haar naam was S-a-r-a-i, nou is dit S-a-r-a. Hy het S-a-r-a genoem.

Gesê: “Sy is in die tent, agter U. Agter U.”

193 Hy het gesê: “Ek,” persoonlike voornaamwoord: “gaan jou besoek, volgens die tyd van die lewe.” En Sara . . . Hy het gesê: “Hoekom het Sara gelag toe Ek dit gesê het?” Daar is Hy.

194 Hoekom sou dit wees? Ons moet ’n gees soos daardie hê wat die Kerk besoek, ’n gees van die profetiese, ’n gees van onderskeiding. En wanneer dit inkom, weier die mense dit. Hoekom? Dis ’n Laodicea. Ons is so gedokumenteer met geloofsbelydenisse en dinge, tot ons dit nie kan aanvaar nie.

Dis reg. Sien? "Ek staan by die deur en klop. Iemand My Stem hoor . . . "

195 "O, my geloof aanvaar nie daardie Dinge nie." Dan het jy die verkeerde geloof.

196 Die geloof, julle weet, die regte egte Geloof van God, sal elke belofte van God beklemtoon met 'n "amen," 'n egte Heilige Gees. Want waarom? Die Heilige Gees het die Bybel geskryf. Dit sê so. "Manne van ouds, beweeg deur die Heilige Gees, het die Bybel geskryf." Sien? Hoe kan die Heilige Gees dan in jou wees, en Dit ontken? Kan dit nie doen nie.

197 "Vorms van godsaligheid," het die profeet gesê: "en sal die krag daarvan verloën," om mans en vroue te verlos van sonde en dinge van die wêreld. God wees ons genadig. O! 'n Godsdienstige geloof wat jy het, wat die Woord van God ontken, kom weg daarvan. Laat God se Woord reg wees. Ja, meneer.

198 Let op. Hy het gesê: "Om . . . Weet jy nie dat jy naak, ellendig, arm, beklaenswaardig, en blind is nie? En weet dit nie." Daar's die ellendige deel. Nou gaan ons afsluit. Ek wil hê julle moet hierdie kry: "Weet dit nie."

199 Nou, as julle 'n man sien afkom het hier in die hoofweg, Stonestraat, of party van hierdie hoofstrate, en daardie man was so arm, hy het geen klere gehad nie, en hy was ellendig, beklaenswaardig, en geen klere aan nie, naak; of 'n vrou, heeltemal naak, en blind; en het dit nie geweet nie. Nou, as sy dit geweet het, of hy dit geweet het, sou hulle iewers probeer inkom het, om klere te kry. Maar wanneer hulle dit nie geweet het nie, jy dan gaan om hulle te sê, hulle sê: "Bemoei jou met jou eie sake."

200 Nou dis presies wat Jesus Christus gesê het die Pinksterkerk in sou wees in hierdie laaste dae: "louwarm," en sou "ryk" wees. Ons is omtrent so ryk soos enige van hulle. Was altyd, toe ons onder in die sendingstasie was, dat ons verlossing gehad het. Nou het ons opgegaan in die groot klasse soos hierdie, en groter getalle, en groot mooi goed, en waar is ons? Net soos die res van hulle. En Jesus het so gesê.

201 Maar te midde van dit alles, hou Hy aan klop. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] "As iemand (individu) My Stem sal hoor, en die deur sal oopmaak, sal Ek inkom. En Ek sal saam met hom maaltyd hou, en hy met My."

202 Dis waar ons kom. "Naak, blind." Blind, werklik blind, geestelik blind. Jy kan hulle niks vertel nie.

203 Julle weet, ons het baie arm grootgeword, onder in Kentucky. My oupa was 'n jagter, en 'n—'n baie bekende jagter. En hy het altyd wasbere gejag. Ek weet nie of julle mense hierbuite . . . Nie genoeg water in Arizona om wasbere te hê nie, reken ek. Maar

hulle—hulle het, daaronder, het hulle wasbere gehad. Hulle het wasbere gejag.

204 Hoeveel weet wat 'n wasbeer-jagter is? Wel, kyk na die Kentuckiërs hierbinne. Goeiste! Goed. Wel, ek voel of ek nou my jas kan uittrek en 'n rukkie preek. Ek was soort van 'n bietjie ingeperk, maar ek voel nou baie goed. Goeiste!

205 Hoeveel weet wat 'n strooimatras is? Hum! Hum! Wel, Tony, dankie. Ek het uiteindelik weer tuisgekom. Uh-huh. Uh-huh. Ja. Dis goed. Goeiste!

206 Mieliebrood, mieliegruis-pap, o, goeiste, swart-oog-ertjies, en raapgroente! Julle ooit daarvan geëet? O, goeiste! Dis, nou, nou's ons reg. Ja, meneer. Dis goed.

207 En oupa het altyd wasbere gevang, en hy sou hulle vet uitbraai. En wat. . . Hulle het 'n blikkie gehad. Ons het altyd daardie bakpoeierblikkie gehou.

208 Ma het een gehad waarmee sy koekies gesny het die. . . met 'n bakpoeierblikkie. En sy sou daardie yslike groot koekies maak. Jy kon die bokant optel en die onderkant sou afval; en sorghum molasse daarin sit, en 'n stuk tuisgemaakte botter. Dit was baie lekker. Dit sou nou baie lekker gewees het. En ek het soort van te min molasse gehad vanmôre. So, julle weet, en so-iets sou regtig lekker gewees het.

209 En mamma het altyd hierdie wasbeer-vet gevat, en dit—dit was die medisyne vir alles in ons huis, dit en barbed wire linament. En sy. . . Ons sou 'n sny kry, en hulle sou daardie ou gaasdraad linament en terpentyn in ons ingooi. En dan, as daar iets verkeerd was met ons, sou ons die wasbeer-vet vat.

210 En ons het een klein kamertjie gehad, en daar was 'n—'n solderkamer. Ons moes *so* teen 'n—'n trap opgaan. Die reling is gemaak van jong boompies. En ons kinders sou daarbo slaap op 'n strooi-bed. En dan bo die strooi-bed was 'n vere-bed, vere-matras. En dan is die waterslag-plank dakteëls opgesit in die lig van die maan, en so sou dit 'n gat maak. En—en die sneeu sou deurwaai, so sy sou 'n stuk seil bo-oor ons trek, om te keer dat die sneeu in ons gesigte inkom in die nag, hierdie klomp klein Branhams. En ons sou twee aan die voetenend wees, en twee aan die kop, en twee in die middel. Ons het net allerhande maniere van slaap gehad, daar ingekruip soos klein varkies, en mekaar warm gehou.

211 Nou en dan, sou een van ons onder die seil uitkom, wanneer die koue wind gewaai het, en ons sou 'n koue vat, en ons sou dit in ons oë kry. En, julle weet, daardie taai goed wat in jou oë kom. Mamma het dit "etter" genoem. Gesê: "Etter gekry in jou oë."

212 Wel, ek sou wakker word in die oggend. En ma sou sê: "Billy, kom ondertoe. Tyd om skool toe te gaan."

En ek sou sê: "Ma, ek het etter in my oë. Ek kan nie sien nie."

213 En, Humpy, my broer, hy sou wakker word. Edward was sy naam, en ons het hom Humpy genoem, net vir die pret. En hy sou sê: "Ek het etter in my oë."

214 Ek sou die ou wasbeer-vet-blikkie die stoof hoor tref. Sy sou dit goed smelt. En mamma sou by die trappe opkom, en sy sou daardie oë vryf en masseer. En, glo dit of nie, die goed sou uitgaan. Die wasbeer-vet was 'n geneesmiddel vir oë met etter in.

215 Maar, ek sê vir julle, daar het 'n kouete oor die kerk gekom, en wasbeer-vet sal nooit werk nie. Maar Jesus het gesê: "Ek raai jou aan om oogsalf te koop," die Heilige Gees. Julle word so blind, die kerk, dat dit—dit God nie kan sien nie. Dit sien net sy organisasie. Dit sien net dit wat ons voor ons kan sien. Dit kyk nooit daar ver na die spoedige Koms van die Here nie. Wasbeer-vet sal glad nie daarvoor help nie.

216 Maar die salf van die Heilige Gees sal julle oë oopmaak, en julle kan dit besef, die Teenwoordigheid van Jesus Christus. En Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy is God, en Hy kan jou oë salf met Sy Heilige Gees. Jy sal vergeet of jy Metodis is, of 'n Baptis, of 'n Eenheid, of 'n Tweeheid, of 'n Drieheid, of Kerk van God, of 'n Nasaréner, of 'n Pelgrim Heiligheid. Jy sal 'n Christen wees, wedergebore, uit die Koninkryk van God.

217 Jy sal iets wees. Jy sal nie hoef te probeer sê: "Wel, ek moet *hierdie* doen," nie. Daar is iets in jou wat jou aandryf om dit te doen. Die drang in jou hart swaai jou na gebed. Goddelike liefde vloei in jou binneste wese in, totdat jy nie kan stilsit nie. Bidure vloei net uit jou uit, soos die water uit 'n artetiese put.

218 Ek het altyd verbygegaan, toe ek wildbewaarder was vir 'n paar jaar, sou ek by 'n groot ou fontein verbygaan. En dit sou so opborrel. Ek—ek het eendag langs daardie fontein gaan sit, en ek het gesê: "Waaroor is jy so bly?" O, die water was heerlik. En ek sou—ek sou 'n slukkie water drink. En ek het gesê: "Waaroor is jy so bly? Is jy bly omdat die konyne uit jou drink?"

As hy kon praat, sou hy gesê het: "Nee."

"Omdat takbokke uit jou drink?"

"Nee."

"Omdat ek uit jou drink?"

"Nee."

219 "Waarom is jy dan so bly? Wat laat jou so borrel?"

220 As hy kon praat, sou hy gesê het: "Dis nie ek wat borrel nie, Broer Branham. Dis iets agter my, wat my stoot, wat my die heeltyd laat borrel."

221 Ons dryf onsself om dinge te doen. Maar wanneer die Heilige Gees daarbinne is, doen ons dit deur Goddelike liefde. "Vir my is die lewe Christus, en die sterwe wins," het Paulus gesê. Sekerlik. Nou laat Sy salf Salwing na jou oë kom.

222 Ter afsluiting, ek bedoel nie om julle almal hier te hou totdat julle so moeg word nie. Sal my eerste keer wees, of tweede keer, by julle, vergewe my as ek te lank aangehou het. Laat ek dan afsluit, deur dit te sê.

223 Onder in die Suide, het ons 'n ou gekleurde Pinksterbroer gehad daaronder, wat hy regtig 'n ware dienskneg van Christus was. Daar was 'n sekere ou Negersuster wat na die kerk toe gekom het. En sy is gevul met die Heilige Gees, en so 'n groot karakter wat sy was. En sy het 'n man gehad; hy was 'n goeie ou kêrel. Sy naam was . . . Hulle het hom Gabriël genoem. En ons het hom net Gabe genoem, vir 'n kort naam.

224 En so kon ons hom nooit kry om na die kerk toe te kom nie. Hy—hy wou net nie kerk toe kom nie. Hy het dit gesê. O, en die kêrels onder by die potspelkamer waar hy uitgehang het, het gesê: "Dis 'n klomp holy-rollers, en niks aan hulle nie." En al wat Gabe gehad het om te doen, op Sondagoggend, was om sy potspelstok te vat en af te gaan na die potspelkamer, of iets, en saam met die manne te gaan.

225 Maar sy vrou was 'n ware toegewyde heilige. En sy sou kerk toe gaan, en sy sou bid, en die pastoor en almal laat bid vir Gabe. Want, diep in sy hart, was hy eintlik 'n goeie man. En hy het 'n klein besigheidjie daaronder bedryf, 'n kleintjie op die hoek, klein skoene-skoonmaak besigheid. Hy sou skoene skoonmaak, en genoeg geld kry om potspel te speel. Wel, hy het gaan potspel speel. So hy wou net nie in lyn kom met die Evangelie nie. En die pastoor . . .

226 Ou Gabe het baie gehou van jag. So, die pastoor was ook 'n jagter, so hy sou vir Gabe saamneem en gaan jag. So, eendag, na die heeldag se geloop deur die wildernis en moerasse, was hulle die middag oppad terug. En—en hulle het soveel wild gehad dat hulle dit skaars kon dra. Het die konyne en die voëls oraloor hulle gehad, so in die terugstap. En hulle het om 'n ou bekende paadjie gekom soos hulle nadergekom het. Bo-oor die heuwel gekom, toe afgegaan na die klein stadjie daaronder. Dit was op Saterdag, en die son was aan die ondergaan.

227 En die pastoor het net omgekyk. Hy het ou Gabe niks hoor sê vir 'n hele rukkie nie. En hy het omgekyk. En Gabe het oor sy skouers gekyk, na die—die ondergaande son, soos dit gesak het oor die westelike horison. En die pastoor het omgekyk. Hy het opgelet Gabe het niks gesê nie, maar omgekyk soos hy geloop het. En so het die pastoor aangestap vir 'n paar minute.

228 En na 'n rukkie, het 'n groot swart hand op sy skouer gelê. En toe hy omdraai, in verbasing, het ou Gabe hom in die gesig gekyk, met trane wat teen sy wange afloop, *so* afdrup. Hy sê: "Pastoor, môre-oggend gaan jy my reg daarbo by daardie bekeringsbank vind." Gesê: "Dan gaan ek reguit terugkom van daar af, en 'n

sitplek inneem langs my getroue vrou. En dan gaan ek in daardie kerk bly totdat God my huis toe roep."

229 En die pastoor het, natuurlik, omgedraai in verbasing. Hy het gesê: "Gabe, ek wou, en het gewag, en verlang, en gebid hiervoor, vir jare." Hy het gesê: "Gabe, is dit afgehandel?"

230 Hy het gesê: "Ja, pastoor, dit is afgehandel. Maar ek wil daardie Heilige Gees ook hê. En ek gaan kom na die bekeringsbank môre-oggend, en ek gaan Dit kry, of ek gaan net daar sterf."

231 Gesê: "Gabe, ek—ek waardeer hierdie." Gesê: "Maar ek wil vir jou iets vra, Gabe. Watter preek het ek gepreek, wat jou geïnspireer het om hierdie te doen? Ek wil graag weet watter preek ek gepreek het, waaroor ek gepreek het. Of, watter gesang die koor gesing het, wat—wat jou geïnspireer het om hierdie groot besluit te neem, Gabe?"

232 En die ou Neger het na die pastoor gekyk, en hy het gesê: "Pastoor," hy het gesê: "ek waardeer beslis elke preek wat jy gepreek het." Hy het gesê: "Ek—ek waardeer alles wat jy gesê het, pastoor." Hy het gesê: "En ek waardeer elke mooi gesang wat die koor gesing het. Maar," gesê: "pastoor, dit was nie dit nie." Hy het gesê: "Jy weet, ek het gekyk na daardie son wat ondergaan daar ookant. Weet jy dat my en jou son, ook, aan die ondergaan is, die lig van ons liggaam is besig om te vervaag?" En dis waar.

233 Dis waar hier vanmôre, manne. Die son gaan onder, gaan onder in jou lewe en in myne. En dit gaan onder vir tyd, in die beskawing. Sy is gedaan. En Hy staan by die deur, [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] en klop, en verlang, en wag. Daardie kloppie, iets onder in jou hart wat sê: "Dis Ek. Maak nou oop." Dis Hy. Gabe het geluister daarna, en hy het omgedraai.

234 Hy het nog iets gesê. "Pastoor," hy het gesê: "jy weet ek's 'n swak skut." Hy het gesê: "Ek kon niks raakskiet nie. Jy weet ek kon nie. En kyk net hier na die wild, genoeg om vir my en my vrou die hele volgende week te hou." En gesê: "Jy weet, ek kan niks raakskiet nie, maar," gesê: "Hy het dit vir my gegee." Gesê: "Ek het net gedink: Hy móét my liefhê, of Hy sou nie so goed gewees het vir my nie." Het jy dit al ooit besef?

235 In Indië vandag, weet ek, lê die kindertjies in die straat, en hulle magies opgeswel, hulle tandvleisies *so* ingesink, wat doodgaan van die honger. Die moedertjie wat smeek om hierdie een te neem, en daar is nog duisende. In een middag, kom hulle verby en tel, in die draagbare en goed op, en vat hulle na die salamander toe en gooi hulle daarin. Daar's geen "Johannes 14" nie. Eet enigiets, gras op die grond, bas van die boom, of enigiets wat hulle kan doen.

236 Ons hark genoeg af, in ons vullisdromme, om hulle te voed. Ons sit hier vanmôre, en betaal 'n dollar-en-'n-half vir 'n bietjie

kos hier. En ons het goeie klere. Ons ry 'n mooi outomobiel. Ons woon in 'n mooi huis. Julle sakemanne hier, julle besighede, gaan vooruit, soos ek julle hoor getuig. God is goed vir julle. Kan julle dit nie besef nie?

237 Wel, Hy het julle lief. Weet julle dit? En dis hoekom daardie klop kom: "Ek staan by die deur en klop." [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] En as iemand My stem sal hoor, en die deur oopmaak, sal Ek inkom na hom, en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."

238 Nou, daardie stil, klein Stemmetjie wat aan jou hart se deur klop, dit mag soveel keer klop totdat dit nou baie sag mag wees. Maar kom ons wees net eerlik, net eerlik met God en onsself, net vir een minuut. Daardie kloppie, ver daaronder, wat gesê het: "Ek beter my weë verander. Ek beter anders wees. Ek beter regruk. Ek weet daar's dinge in my. Ek kyk hier, ek ondersoek my lewe met hierdie Woord, en ek sien ek's verkeerd in baie dinge." Kyk rond, sien hoe goed; dis Sy goedheid wat aan die deur klop.

239 Maak nie saak wat ons gedoen het, hoeveel ons gesondig het, hoeveel ons Dit geweier het, hoeveel ons gesê het: "Ons sal dit later doen," nie, Hy klop steeds, te midde van dit alles. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] "En as enige man of vrou net julle hart sal oopmaak, sal Ek inkom en maaltyd hou."

240 Kom ons kyk wat Hy wil hê vanmôre, sal julle, terwyl ons ons hoofde buig? [Leë kol op band—Red.]

241 "O, my Jesus, ek het U lief, ek het U lief. O, vir genade om U meer lief te hê, Here."

242 "Wat is daardie ietsie wat vir my bly sê, in my hart, dat: 'Ek 'n bietjie nader aan Jesus moet kom'? Wat is dit?" Wil jy die deur oopmaak Daarvoor, vanmôre?

243 Nou, met elke hoof gebuig, en elke oog toe, asseblief. Wees baie eerlik, onder in jou hart, net vir een minuut.

244 Jy het so 'n kloppie aan jou deur. Ek gaan bid, net 'n oomblik. En, in opregtheid, wil jy graag weet wat daardie geheimsinnige ietsie in jou lewe is, dat jy dit kan laat—laat inkom. Sou jy wou hê Hy moet inkom, vanmôre? Sê: "Broer Branham, bid dat ek die geloof en genade sal hê om net my hart oop te maak en Dit te laat inkom. Ek wil weet wat Hierdie is, wat aan my deur klop. Ek weet daar is iets wat daar klop. Miskien is dit 'n nader wandel. Miskien is dit 'n ander bediening. Miskien is dit om myself oor te gee. Miskien is dit om die Heilige Gees te ontvang."

245 Sal jy jou hand opsteek na God, en sê: "Hier is ek, Here." God seën julle. Dis reg. O, dis net oral. "Ek het 'n kloppie aan my hart se deur." Ek reken, sestig of sewentig persent van die mense.

Met ons hoofde gebuig.

246 Nou, ons Hemelse Vader: "Daar is 'n Fontein," soos die digter gesê het: "wat gevul is met Bloed, getrek uit Emmánuel's aar, en

sondaars gedompel onder die Vloed, verloor elk' sondevlek. Die sterwende dief was bly om te sien, die Fontein daar in sy dag, en daar mag ek, tog vuil soos hy, al my sonde weg kom was."

247 Nou, Vader, ons is dankbaar vir hierdie mense. En sommige van hulle mag, sonder twyfel, Christelikheid bely het vir 'n lang tyd, maar hulle het genoeg van die—die egte oortuiging om hulle hande op te steek. Wat, Here, as hulle nie eers die oortuiging gehad het om hulle hande op te steek nie? Dan is hulle nie redbaar nie. Dink aan daardie plek, dat 'n dwalende siel kon uitdwaal na die duisternis, en ellendig, blind, en dit nie weet nie. En hulle hoor die klop van God, en bedroef Dit soveel keer tot Dit uiteindelik nie meer klop nie. En hulle tel 'n geloofsbelydenis of iets op, en lewe daarvolgens die res van hulle dae, om teleurgestel te word by daardie Oordeelsdag.

248 Ek's dankbaar, Here, vir hierdie mense wat hulle hande sou opsteek en sê: "Wees my genadig, Here. Kom in my hart in, Here Jesus, en openbaar Uself aan my vandag. En ek sal vir U my lewe gee. Hier is ek. As daar enigiets in my is, wat nie reg is nie, Here. . . En ek kyk na my eie lewe, en ek sien dat daar baie is wat verkeerd is, vat my dan in U groot vormingshuis in en—en vorm my, en neem uit my weg alles wat wêrelds en goddeloos is. En ek dank U, Here, dat ek nog nie die plek bereik het waar ek daardie lyn oorgesteek het, wat kan, waar jy oorgaan en nooit weer kan terugkom nie; die Gees van God die laaste keer bedroef, en nou is daar geen pad, hoegenaamd, terug nie." Soos Judas Iskáriot en hulle, sy Here vir dertig silwerstukke verkoop het. En ons doen dit vandag, vir gewildheid, en die sorge van die wêreld, en godsdienstige organisasies en denominasies, en geloofsbelydenisse. Ons verkoop Hom net vir enigiets.

249 O Here, wees eerlike harte genadig. Ek pleit vir hulle, Here. O, met alles wat in my is, vra ek vir Goddelike genade. En hoor my, Here, hoor my. En mag hierdie groot begeerte, met geloof, en weet dat dit God is wat tot hulle harte gespreek het. Dis God wat hierdie dinge doen. En mag die hart se deur net nou oopkom, en Jesus instap en Here word van die situasie, al die wêreld uithaal en hulle nuwe skepsels maak in Christus Jesus.

250 Genees hulle wat siek is, Here. Met die onderskeiding dat daar soveel lyding is, bid ek vir hulle, Vader, dat die groot Geneesheer nou hulle fisiese wese ook sal aanraak, en dit Sy tuiste maak, Sy woonplek, waar Hy Sy hande net kan uitstrek na die oproep. Die geringste klein oproepie van die hart, en die groot Geneesheer gaan te werk. Skenk dit, Here. Hoor ons vandag. Seën almal wat teenwoordig is. In die Naam van die Here Jesus Christus, vra ons dit. Amen.

251 Nou, met ons hoofde gebuig, baie nederig, saggies, kom ons sing hierdie ou lied van die kerk: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief, omdat Hy my eerste liefgehad het." En glo nou dat wat julle

gevra het, dat daardie klein, stil kloppie wat aan jou hart was, Jesus nou sal inkom. Saggies, terwyl ons dit sing.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

252 Nou, met ons hoofde gebuig. Julle wat Hom wil aanvaar as Here in julle hart: "Here, neem nou alles weg. En van hierdie uur af, maak ek 'n toewyding aan U oor hierdie tafel, Here, dat ek U weer sal ontmoet by daardie groot Bruilofsmaal. Ek wy my lewe toe aan U, vanmôre, so help my, my Here. As ek nog nie die Heilige Gees ontvang het nie, gaan ek soek totdat die regte Heilige Gees inkom en my lewe reinig, my 'n nuwe skepsel maak in Christus Jesus. Ek belowe U vandag, Here, terwyl ek 'n toewyding maak aan U oor hierdie tafel. In die Naam van Christus, belowe ek om dit te doen, terwyl ek my hande opsteek."

253 Nou, steek julle julle hande op, en sing nou met julle oë toe. "Ek . . . " Sal julle julleself nou toewy?

Ek het Hom lief
Omdat Hy . . .

254 God, wees genadig. Vader, kyk na hierdie hande, en skenk dit, in Jesus' Naam.

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

255 Nou wil ek hê julle moet oor die tafel reik en handskud met iemand. Sê: "God seën jou, pelgrim. Bly om saam met jou hier te wees, vanmôre." Dis reg. Meng almal net, Metodis, Baptis, Katoliek, Presbiteriaan. "God seën jou. God seën jou." Die Boodskappe sny partymaal en is hard, en ons—ons wil—wil goed voel Daaroor.

256 Nou, God seën jou, broer. God seën jou. God seën jou, suster. God seën jou, my broer, God wees met jou. God seën jou. Goed. Seën jou, Broer Tony.

257 Nou kom ons staan net 'n oomblik, met ons hande en harte tot God, ons Vader.

258 Alle—alle gelowe, almal—almal, glo nou. Nou, as jy gebid het, onthou, het Jesus gesê: "Wanneer jy bid, glo dat jy ontvang waarvoor jy gevra het, en dit sal vir jou gegee word." Glo julle dit? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "Ek glo dat ek dit waarvoor ek gevra het, sal ontvang. Ek het my lewe toegewy aan Jesus Christus. En van hierdie dag af aan, bedoel ek dit regtig, God. Ek sal voor U wandel totdat dit so 'n werklikheid word, totdat ek geheel en al verberg is in Christus Jesus."

259 Nou, is die sangleier hier? Kom ons begin daardie goeie ou lied: "My geloof kyk op na U, U Lam van Gólgota, Goddelike Verlosser." Wonder of die suster by die klavier vir ons daardie

noot kan gee. Hoeveel ken die lied? Steek . . . Nou, kom ons sing dit uit volle bors: "My geloof kyk op na U, U Lam van Gólgota." Almal saam nou.

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
O Goddelike Verlosser;
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat ek van vandag
Net Uwe wees.

Kom ons buig nou ons hoofde.

Wyl ek lewen's donker doolhof loop,
En droefheid my omvou,

Onthou, julle gaan nou die wêreld trotseer.

Wees U my Gids; (Luister.)
Laat duisternis verander in dag,
Was al my vrese weg,
Of laat my nooit afdwaal
Van U af weg.

260 Kom ons neurie dit. [Broer Branham en die gemeente begin neurie *My Geloof Kyk Op Na U*—Red.]

'n Deur In 'n Deur AFR63-0223
(A Door In A Door)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagoggend, 23 Februarie 1963, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale konvensie ontbyt by die Ramada Inn in Tucson, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org